# KENNIS VIR ALMAL



No. 2

# DIE GRIKWAS EN HUL BURE



305.8009687
JAC

DEUR

F. JACOBS

# DIE GRIKWAS EN HUL BURE

DEUR

J. F. JACOBS

KENNIS VIR ALMAL
No. 2

ALGEMENE GROEP:
*Redaksie : J. J. Kruger*

Drukkers en Uitgewers:
NASIONALE PERS BEPERK
Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth
1942

BOEKE WAT REEDS GEPUBLISEER IS ONDER HIERDIE REEKS

---

No. I—INSTINK OF VERSTAND

Dr. Lulu Latsky —— (*Natuurkunde-Groep*)

*OPGEDRA AAN*

*MIEMIE EN LETTIE.*

## REDAKSIE:

| | |
|---|---|
| Aardkunde . . . . | Dr. J. Dunne. |
| Biologie. . . . . . | Dr. G. Eloff. |
| Ingenieurswese . . | Dr. A. J. A. Roux. |
| Mediese Wetenskap | Dr. D. du Plessis. |
| Plantkunde . . . . | Dr. G. C. Nel. |
| Ekonomie . . . . | H. J. Strauss. |
| Wiskunde en Sterrekunde . . . . . | Dr. G. G. Cillié. |
| Fisika . . . . . . | Dr. S. M. Naudé. |
| Skeikunde. . . . . | Dr. J. P. van Zyl. |
| Landbou en Veeteelt | Dr. J. H. Hofmeyr. |
| Natuurstudie . . . | Dr. Lulu Latsky. |
| Algemene Kulturele Opvoeding . . . | Dr. J. de W. Keyter. |
| Letterkunde . . . | Dr. H. v. d. M. Scholtz. |
| Algemeen . . . . . | Mnr. J. J. Kruger. |

# VOORWOORD.

„Kennis is mag" is 'n slagspreuk wat baie gehoor word. In hierdie reeks van boekies is die leuse egter *„Kennis vir Almal"*. 'n Volk wat kennis besit — kennis van die belangrike feite van die lewe — het al ver gevorder op die weg na mag.

Die bedoeling van hierdie reeks „Kennis vir Almal" is dan ook om aanvullend te wees by die kennis wat in die skool opgedoen word.

Persone wat in hierdie reeks 'n stelselmatige wetenskaplike verhandeling soek, sal teleurgestel wees. Die strewe van die Redaksie en die medewerkers is om op lewendige en interessante wyse belangrike feite onder die aandag van die lesende publiek te bring — kind sowel as volwassene.

Persone wat verwag om in een uitgawe 'n allesomvattende opsomming oor een bepaalde onderwerp te kry, sal ook teleurgestel wees. Die strewe is egter om die veld te dek oor 'n lang tydperk en in verskillende uitgawes.

Die Redaksie wil die hoop uitspreek dat hiermee in 'n lang bestaande behoefte voorsien sal word, en hy sal hom voldoende beloon ag as met hierdie poging 'n diens aan die volk bewys word.

NAMENS DIE REDAKSIE.

## 'N WOORD VOORAF

Daar is 'n halwe eeu te laat begin met die versameling van brokkies geskiedenis uit die lewe van die Grikwas en hul buurmense. Die room is daarmee heen, en dis nog net die renserige melkies wat in die erdebak oorbly. Die bron is eens en vir altyd verstop en die enigste inligtings is vandag te suig uit die vertroebelde en byna opgedroogde systroompies. Die geslag wat die doen en late van die Grikwa en sy buurman betrag het, het lankal van die toneel verdwyn.

Dit het my nietemin geluk om die een en ander aan die vergetelheid te ontruk. In Grikwaland Wes en in die Wes- en Suid-Vrystaat het ek 'n paar afgeleefde Grikwas „ontdek" wat Adam Kok, Waterboer en ander uit die „ou geslag" van naby geken het. Hulle kan hulle nog die een en ander helder voor die gees terugroep. Jammer genoeg dat hulle die Grikwa-spreektrant nie suiwer bewaar het nie en die snaaksighede van die Grikwa opsy geskuif het, maar dis soos ou Koos Kordon sê: „Basie sien, ek is 'n edikeited man!" Tog, as hul tonge losraak oor die ver vervloë dae, dan raak hul taal deurspek met Grikwa-spraak en gekruide sinsnedes. Onbewus laat hulle so nou en dan 'n „haitsé" los. Al die ou skepsels wat ek ontmoet het, het die mond vol gehad van die „roemryke dade" van hul voorgeslagte. „Ja, die Grikwas was 'n moedelike nasie, my Basie," verseker ou Willem Kok met nadruk op „moedelike".

Ek is baie dank verskuldig aan ou mense en ander in die suidelike Vrystaat wat vir my interessante brokkies opgedis het omtrent die doen en late van die Grikwas en Korannas van 'n eeu of korter gelede. Party het regstreeks met dié ou nasies in aanraking gekom, terwyl ander staaltjies uit die mond van vader of moeder onthou. Ek het dit as 'n besondere voorreg beskou om met dié ou mense, nie een van wie onder die tagtig jaar oud is nie — een is selfs agt-en-negentig jaar — 'n praatjie aan te knoop. Hulle was onder andere mnr. Michiel Adriaan Oberholzer (oom Jorsie of oom Gielie) van Skietmekaar, Fauresmith; mnr. J. J. P. Lubbe (oom Joachim) van Fauresmith; mnr. Jacob Jacobus de Klerk (oom Jaap, wat 98 jaar oud is) van Ruigtepoort, Fauresmith, 'n kranige ou man wat oor 'n goeie geheue beskik en vir wie die hoogte nog nie 'n verskrikking geword het nie; mnr. Simon J. du Plooy (Klein Genant) van Bethulie; mnr. J. B. Hasebroek (oom Jan) van Bethulie; mnr. A. J. van Schalkwyk (oom Andries) van Rietpoort, Trompsburg; mev. Anna Combrinck van Bethulie; mnr. Abraham J. du Plessis van Bethulie; en mnr. J. H. Cloete, superintendent van die lokasie, Bethulie.

Ds. C. J. van Niekerk, leraar van die Ned. Geref. gemeente Philippolis, en mej. Lily van Rensburg, onderwyseres op Philippolis, was so vriendelik om my 'n beknopte geskiedenis van Philippolis te verstrek. Ek dank hulle daarvoor.

DIE SKRYWER.

Posbus 10,
Paardeberg,
1942.

# INHOUD

| | | Bl. |
|---|---|---|
| I. | Ou Flink Maak Belangstelling Gaande | 9 |
| II. | Die Grikwa en sy Buurman .. .. | 11 |
| III. | Ou Koos Kordon Vertel .. .. .. | 24 |
| IV. | Drosterslaaf word Groot Grondeienaar | 33 |
| V. | Grusame Boesman-moorde en Uitdelgende Grikwa-wraak .. .. .. .. | 41 |
| VI. | Skietmekaar .. .. .. .. .. .. | 50 |
| VII. | Dat diepste Meusgat in .. .. .. | 58 |
| VIII. | Koerad Domkrag en Hendrik Ekspres | 64 |
| IX. | 'n Grikwa-verkiesing .. .. .. .. | 69 |
| X. | Waar hy lê-hat .. .. .. .. .. | 81 |
| XI. | Bolandse Blits en Rottekrui .. .. | 85 |
| XII. | 'n Grikwa lewendig Begrawe .. .. | 91 |
| XIII. | Tot die Oordeelsdag of . . . .. .. | 94 |
| XIV. | Die Wingerdstok en die Druif .. .. | 95 |
| XV. | Die Vanghand van Oom Lou .. .. | 97 |
| XVI. | Die Uitvaart van Fielmon .. .. .. | 99 |
| XVII. | 'n Grikwa-legende (Die waterslang van Grootrivier) .. .. .. .. .. .. | 102 |
| XVIII. | Hat nie dat Kennis .. .. .. .. | 107 |
| XIX. | Dat Bottel Heers .. .. .. .. | 108 |
| XX. | 'n Grikwa-strafmiddel .. .. .. | 111 |
| XXI. | Wurms het uit die Sterkte Gekom .. | 113 |
| XXII. | Die Postuur en die Steel .. .. .. | 115 |
| XXIII. | Wolf en Jakkals Verdeel 'n Bok (Grikwa-storie) .. .. .. .. .. .. | 116 |

# I.

## OU FLINK MAAK BELANGSTELLING GAANDE

Nou die dag het ek op die gebaande, maar sinkplaatagtige pad my ou karweier ritmies laat brom. Dit was in daardie wêreld waar Adam Kok meer as 'n eeu gelede die septer geswaai het en waar die Grikwa-goed „roem" verwerf het. Dis daar waar die verskeidenheid van wild soos miere gekrioel het, waar die Boesman met sy gifpyl in sy eie dierbare element was en waar die Koranna na hartelus met die tong kon klik-klak. Dis die Transoranje se wêreld.

Daar voor in die pad waggel 'n mens-figuurtjie met 'n kierie in die hand voort. Ek ry stadig. Ek hou stil. Ek klim af. Dit was vir my duidelik dat die ou skepsel al bang was vir die hoogte en dat daar verskriklike dinge op sy pad was. Die amandelboom het in volle bloei gestaan en die sprinkaan het homself met moeite voortgesleep. Die wagters van die huis het gebewe en die sterk manne het krom geword. Die malers het al amper stil gestaan en dié wat deur die vensters kyk, het al verduister geword. Die poort na die straat was gelukkig nog nie gesluit, en die tone van die lied het nog nie baie dof geword nie.

Dit was ou Flink . . . daardie ou skepsel. Ek het myself aan ou Flink voorgestel en binne die bestek van 'n minuut of drie het ek geweet dat die geluk my getref het om met 'n opregte Grikwa kennis

te maak. Van blydskap het ek sommer die hele inhoud van my tabaksak in ou Flink se dubbele hand uitgeskud.

„Outa Flink," sê ek met 'n pleitstemmetjie, „kan Outa vir my altemit sommer hier en op hierdie werrie seimde oomblik beduie waar die ou Grikwa-volk in hoeka-se-dae vandaan gekom het? Kan Outa. . . ."

„Seur sien, en seur moet deeglik verstaan dat oens Grikwas nie van hierwaarts en doerwaarts galê-oeit hat nie. Oens is volbloed menske wat in die dag der dagen voorouers galê-hat hat. My tata en outata hat vir oens kleingoed smôrens en sawens lê-beduie dat oens grootvaders se oupa-goed behoorlike smosse was. Hulle, doerdie smosse, hat galê-koers na die bruin meisie an toe hat galê-oeit die Grikwa, die Brikwa an die Koranna. Maar naarhand hat die snetters van die Grikwa, die Brikwa an die Koranna vir makaar galê-loeroog en toe was oens se mense sommar tsjou! Sommar aan mieksupspul van menskenders, my seur."

„Daardie witmens-smouse, outa Flink, was hulle Boere, of hoe?"

„Tsjaai! Tsjou! Hoe kan seur dan so'an deng lê-formeer? Die Boer-mense hat mos nie galê-mieksup mot die bruinmense nie! Denk tog net, nè? Doerdie smosse was anner nasie wat anner spraak gesprook hat an wat smeuls oender die volk galê-maak hat. Die ou Boere was mos verheefde menske, seur!"

„Maar die Brikwas, outa Flink, wie was hulle?" lok ek hom uit.

„Nou an haitsê tog! Das vir jou nou weer an vraag! Die Brikwas? Haitsêêê! Hulle was mos ok Grikwas en darrem nie Grikwas nie. Hulle oupappa was ok smosse, maar hy was nie oens se oupappa nie. Hulle was sommar lords se goed, maar hulle was darrem Grikwas. Die Brikwas, hulle het nou allen galê-oeitkoers oeit die weereld oeit."

Teen dié tyd het ou Flink 'n halfdosyn van my sigarette met hol wange tot as omgeskep en toe hy met begerige Grikwa-ogies na die laaste sigaret loer, het ek hom 'n muntstukkie in die hand gestop en in die pad geval.

Ou Flink het my belangstelling gaande gemaak en hieronder volg geskiedkundige en ander brokkies wat dit my geluk het om op te spoor.

## II.

## DIE GRIKWA EN SY BUURMAN

Die Grikwa se stamboom is knoesterig en om dit met die verdroogde takkies as uitgangspunt tot aan die wortels na te spoor, moet baie in die donker rondgetas word. Daar is nietemin navorsers wat die mening toegedaan is dat die Grikwas afstammelinge is van slawe en slavinne (die meeste drosters) en Hottentotte wat bevriend geraak het met droster-matrose, blanke avonturiers en smokkelaars. Dié kleurlingstam het in aanraking gekom met die Karriesbergse of Kareebergse Hottentotte en Namakwas en uit dié mengelmoes het die Grikwa op die toneel verskyn.

Deur die are van die Korannas loop ook 'n dun straaltjie blanke bloed, wat 'n erflating is van

smokkelaars en drosters wat die hand van die Hottentot daar ver in die binneland geskud het. Daar is ou mense wat ons verseker dat Korannas met blou oë 'n tagtig jaar en langer gelede nie juis 'n seldsaamheid was nie. Volgens Theal was die oorspronklike Korannas, die volk van Kora, 'n Hottentotstam wat die binneland ingetrek het. Hulle het bekend gestaan as die Korakwa of Koranna. Dis nie onwaarskynlik nie dat drosterslawe en Hollandse droster-matrose hulle na die binneland vergesel het, wat 'n verbastering tot gevolg gehad het. Hulle het tot aan die grense van Betsjoeanaland getrek en in die jare sewentig van die agtiende eeu het hulle langs die Vaalrivier versprei, terwyl 'n paar stamme hulle gevestig het aan die oewers van die Hartsrivier. Jan Bloem, die seun van 'n Duitser en 'n Hottentotsmeid, was kaptein van die „Springbokke", 'n Hottentotsrowerbende wat dood en verderf gesaai het in die omliggende streke. Blanke smokkelaars het hulle voorsien van gewere, ammunisie, perde en so meer, en dié gewetenlose Witmanne het onteenseglik 'n groter stroom gekleurde bloed laat ontstaan. 'n Ander Hottentotstam wat ook 'n groot rol gespeel het en deur die smokkelaars besoek is, was die „Taaibos" onder hul kaptein Kunasop of Konsop.

Vroeg in die agtiende eeu, 'n jaar of wat nadat die eerste gesante van die Londense Sendinggenootskap, eerw. Read en dr. Van der Kemp, hul arbeidsveld in Suid-Afrika betree het, het Cramer en Andersen die Grikwa-kaptein Barend Barendse besoek en van hom toestemming verkry om op Klaarwater, die huidige Grikwastad, 'n

sendingstasie te stig. Dam Kok en Kornelis Kok, afkomstig uit die Karriesberge (Kareeberge, Kamiesberge), Namakwaland, het hulle tydelik gevestig op die Campbell-gronde in die omstreke van Klaarwater. Later het Waterboer die septer geswaai oor die Campbell-gronde.

Die Grikwa-geskiedenis is deurspek met onderlinge krakele wat soms bloedige gevegte tot gevolg gehad het, en daar in die hoek wat geskep is deur die sameloop van die Oranje- en die Vaalrivier, het Adam Kok, seun van Dam Kok, en Kornelis Kok mekaar in die hoek probeer dryf. Adam het verkies om met sy volgelinge ander jag- en weivelde te soek. Hy het in 'n noordoostelike rigting uitgewyk en sy onderdane het verspreid geraak tussen die Vaal- en die Modderrivier. Baie Korannas is naderhand in die Kok-Grikwa-geledere opgeneem, en die Korannas wat graag met die naam „Grikwa" vereer wou word, was onder andere die nasate van Dawid Danster, van wie D. S. Fourie en sy skoonseuns G. P. Jacobs en J. P. van Zyl in 1839 honderdduisende morge grond gekoop en geruil het; Swart Jan, die opvolger van Dawid Danster; Hendrik Nek, wat kort bokant die teenswoordige Barkly Wes gewoon het en 'n aanbidder was van Skeelkoos of Koos Konsop; Goliat Ysterbek, en Jan Blom, wat Koos Konsop met 'n wrewelige haat gehaat het.

Tussen die twee genoemde riviere kon die Grikwas ook nie rus vind vir die holte van hul voet nie. Hulle was 'n nomadiese volkstam en soos die Joodse patriarge van ouds en die teenswoordige Arabiere en ander woestynswerwelinge het hulle van waterbron tot waterbron verhuis om hul

trekgees vars lug te laat skep. Op hul jagtogte te perd, en gewapen met steenroer, pyl en boog, het hulle dikwels die streek tussen die Oranje- en die Rietrivier besoek. Toe hulle in die jaar 1821 deur dr. Philip „ontdek" is, was daar maar 'n greintjie van beskawing in hul gebruike en lewenswyse, terwyl hul sogenaamde godsdiens op 'n lae trap gestaan het. Hulle het nietemin in God geglo, maar van die blanke se godsdiens en leerstellinge het hulle 'n primitiewe begrip gehad. Hierdie vae begrip van godsdiens het in elk geval die feit laat deurskemer dat hul voorsate nie onbekend was met die Woord van God nie, en hul spreektrant en gekruide woordeskat lewer bewys dat Hollandse en ander matrose hulle 'n erfstukkie nagelaat het.

By dr. Philip het die idee posgevat om die agterlike Grikwastam wat na Adam Kok opgesien het om leiding, na 'n herbergsamer oord te laat verhuis. Hy het die heerlikhede van die mooi wêreld tussen die Oranje- en die Rietrivier vir hulle realisties afgeskilder, en toe raak die tonge los. Die jagters het met egte Grikwa-oordrewing die wondere van die „Land Kanaän" besing. Heuning vloei daar in goudgeel strome, en uit die rotse kan tsjarrie getap word. Duisende stuks wild, waaronder die gemsbok, die springbok, die blesbok, die blouwildebees en die kwagga wemel soos miere op die mooi vlaktes tussen die berge. Oom Lou is, weliswaar, ook daar, maar wie skrik dan miskien vir Vuilbaard? Les bes:

„Broeders ende susters-goed, jelle-liede mot dat greep lê-kreeg dat doerdie land oer wat Eerwaarde lê-nuil, bragtag sommar neffe dat

Witman syn hothand lê-skeul. Versterkkreu sal oens sommar flossies-flossies elk an ieder godlike dag lê-seup. Lat oens an wy allen onverpoostelik lê-koers naar doerdie weereld, broeder- an sustergoed! Lat oens lê-oeitstond seudwaarts!"

„Haitsé, Barend-goed, jy lê-spraak oeit dat voorbors!" laat ou Sambien Seeman haar hoor.

Maar dit betaam nie 'n waardige Grikwakaptein om te impulsief te wees nie. Daar is 'n vergadering, waarop die Koks goed verteenwoordig was, belê om die voorstel van Eerwaarde te oorweeg. Daar is gewik en geweeg; daar is dit en dat gehaitsé; daar is galê-herwaarts en galê-derwaarts; ga-in hier en ga-oer daar, en toe kom die broeders tot 'n eenparige besluit om te lê-koers tot naby die land van beskawing. Die meide-goed het gejuig en op egte Grikwa-Koranna-wyse in die hande geklap en die tonge laat klikklak soos hul ou mense van doer-se-dae. Die kleingoed het gejubel en bolmakiesie geslaan van skone uitgelatenheid. Daar is tsjarrie gedrink, dwaalbos gerook; daar is op die vioolsnaar gestryk, gesing en gedans — seker teen Eerwaarde se sin. Maar was die dans dan nie die aantreklikste nommer op die program nie? Dit het geduur van skemeraand tot skemermore. Aan die spits het 'n klonkie getrippel-dans en op sy hiele het die mans- en meide-goed eentonig gedrafstap. 'n Eentonige liedjie is aangehef — net so eentonig as die deuntjie wat uit die viool getower is. Ou mense wat sulke Grikwa-Koranna-danse betrag het, het aan die skrywer meegedeel dat die blanke by die aanvang van die vrolikheid die danskuns van dié ou nasies as onsin bestempel het, maar

hoe later dit word, hoe aangrypender word die uitvoering. 'n Mens word as 't ware betower deur die ritmiese voetegetrappel en die eentonige sang. Daar is ou mense wat meen dat dié ou nasies se danskuns die skoonste is van almal wat hulle die voorreg gehad het om te aanskou. Soms is daar darem ook askoek geskop en gehotnotriel.

Nog drie jaar lank sou die uitverkorenes van dr. Philip in die woesteny omdool soos die Israeliete van ouds. Eers in die jaar 1824 het hulle begin saamdrom op die terrein waar Philippolis vandag geleë is. Die hele gebied tussen die Oranje- en die Rietrivier tot noord van die latere Bethanie en oos van Boesmanskool (die latere Bethulie) is aan die Grikwas aangewys as hul toekomstige tuiste. Nie alleen kon die veetjies hulle tot satwordens toe verlustig op die onverbeterlike weivelde nie, maar wild het daar in duisendtalle gewemel en die talryke byeneste het ryk oeste opgelewer vir die tsjarrie-balie.

„Broeders, O, myne geliefde broederen an geliefde ousus-goed, nou sal sommar koert-koert lê-oeit dat versterkkreu-wagens van dat konwiek doer oeit dat weereld van Bolandse blits! Haitsé! voor wat kon an kerel syn inbors nog die beterste lê-wens, vraag ek gy-lieden?" laat Dawid Vaaltyn sy skril stemmetjie hoor.

In 1824 het Philippolis begin verrys in die vorm van Grikwa-huisies. Daar was 'n gevroetel en 'n gewerskaf van die eerste water. Op die gebied van godsdiens was daar 'n merkbare vordering te bespeur en binne die bestek van 'n betreklik kort tydjie het 'n kerkgeboutjie die bewys gelewer dat die hart van die Grikwa darem week genoeg was



*Koos Kordon.*

om die evangelie te laat posvat. Twee sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, eerww. Sass en Reid, was die eerste geestelike arbeiders aldaar. Hulle het egter nie lank op die eerste sendingstasie in die Transoranje, tussen die Oranje- en die Rietrivier, vertoef nie. Na hulle het daar gearbei eerww. Conner, Melville, Aitkinson, Clerk, Dormel en Schreiner, vader van die Schreiner wat premier van Kaapland was by die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, en van Olive Schreiner, die bekende skryfster.

Die eerste Grikwa-kerkgeboutjie het op sy fondamente verrys op die terrein waar die woonhuis van mnr. I. A. Malherbe vandag (1942) staan. Dié geboutjie het geestelike vrugte ryklik afgewerp en daar het, volgens 'n verslag van die Sendinggenootskap, 'n opvallende ommekeer gekom in die Grikwa se lewenswyse. Hy het die voet op 'n hoër sport van die beskawing geplaas en die gemeente het so snel aangewas dat 'n ruimer kerkgebou die brandpunt van 'n Grikwa-beskawing geword het. Ook is daar 'n skoolgeboutjie opgerig.

Die Grikwas het hulle nou in groepies versprei oor 'n uitgestrekte gebied, en hulle was oënskynlik betreklik welvarend. Die smouse uit die Kolonie het daarvoor gesorg dat hul kleredrag in 'n fatsoenlike vorm omgeskep is, en baie geriewe waarmee hulle vroeër karig bedeeld was, het hulle nou in die skoot geval. Hul boerderytjies het gefloreer en hulle het oor uitstekende perde beskik. Gert, 'n seun van Dam Kok, het 'n groot perdeboerdery op Grootfontein gehad. Die Engelse troepe wat omstreeks 1843 te Colesberg

gestasioneer was, het hom van volbloedhingste voorsien, en in so 'n mate het hy sy perderas verbeter, dat die diere wyd en syd roem verwerf het en gesog was deur Voortrekker en Engelse soldaat. Freek Opperman, die droster-slaaf wat die stigter was van die kleurling-reserwe op die linkeroewer van die Rietrivier, het die perderas van Gert Kok nog verder verbeter en 'n winsgewende afsetgebied vir sy diere gevind. Ou mense meen dat baie boere-perde wat gedurende die Anglo-Boere-oorlog sulke onvergelyklike dienste bewys het, afstammelinge was van Gert Kok en Freek Opperman se perde. Daar was destyds, so vertel mnr. M. A. Oberholzer (Oom Gielie of Oom Jorsie, soos hy ook in die distrik Fauresmith genoem word) van Skietmekaar, 'n ander ras perd, die Roggevelder. Hulle is van die ander rasse onderskei deur hul klein en wakker oortjies en het uitmuntende dienste bewys as kar- en ryperde. As jagperde was hulle ongeëwenaard. In die jare negentig van die vorige eeu kon daar nog baie van hul puik afstammelinge gesien word.

Die ruil- en verkoopkoors wat in 'n mate geboortig was uit 'n onlesbare dors na sterke drank, het die Grikwa-gemeenskap só hewig beetgepak dat hulle binne die bestek van 'n dekade nadat die eerste Boere die Oranjerivier oorgesteek het om hulle metterwoon aan die regteroewer van die rivier te vestig, van 'n groot deel van hul gronde brandarm weggestap het. Die negentigjarige mnr. Johannes Bernardus Hasebroek (Oom Jan) van Bethulie deel mee dat 'n plaas Jakkalsfontein geruil is vir 'n kappie! Grond was destyds

goedkoop en sy vader het 'n plaas van duisend morge gekoop vir eenduisend riksdaalders (ongeveer £75), terwyl hy die plaas Pandam geruil het vir 'n span osse. Dan vertel die vier-en-tagtigjarige mev. Anna Petronella Combrinck (Ouma Combrinck) van Bethulie dat Adam Kok die plaas Koppiesfontein, naby Donkerpoort, present gegee het aan Willem Joubert, die eerste blanke kind wat op die Grikwa-gronde die eerste lewenslig gesien het. Verder vertel Ouma Combrinck dat die ou Boere die plase wat hulle van die Grikwas gekoop of geruil het, met osrieme afgemeet het, en dié maatstaf was só doeltreffend dat landmeters later bykans geen fout kon vind nie.

* * *

Die Franse en die Berlynse Sendinggenootskap het nou ook 'n stemmetjie uit die Transoranje gehoor, 'n stemmetjie wat die eerwaarde here toegefluister het: „Kom oor en help ons!" Philippolis, die eerste sendingstasie noord van die Oranjerivier, wat genoem is na dr. Philip, was oorspronklik bedoel om die Boesmans tot die Christelike godsdiens te bekeer. Die stigters was ds. Faure en landdros Stockenström, albei van Graaff-Reinet. Die Boesmans en Korannas kon egter geen begrip kry van die blye boodskap nie en hulle het streep-streep gedros. En toe kom die Grikwas.

Franse en Berlynse gesante van die Kruis het nie lank op hulle laat wag nie en in die jaar 1828 op die toneel verskyn. Daar is 'n sendingkonferensie van die verskillende sendinggenootskappe gehou met die doel om die arbeidsvelde af te baken.

Dit was die eerste konferensie van sy soort wat benoorde die Oranjerivier gehou is.

Aan die Franse sendelinge is as arbeidsterrein aangewys die streek aan die linkeroewer van die Caledonrivier, en hul arbeid onder die Basoeto's was taamlik geseën. Die eerwaarde here van die Berlynse Sendinggenootskap het gaan kennis maak met die Korannas, Grikwas en Barolongs aan die oewers van die Rietrivier in die omtrek van Bethanie, terwyl die Londense Sendinggenootskap op geestelike gebied moes gaan kragte meet met die Grikwas, Korannas en Boesmans in die omstreke van Philippolis.

Groot Moordenaarspoort, die teenswoordige Bethulie, was destyds 'n ware nes van Boesmans, en toe daar 'n sendingstasie en skool gestig is, het dit bekend gestaan as „Boesmanskool". Later is dié plek genoem „Caledon", maar omdat daar 'n Caledon in Kaapland was en dit verwarring kon skep, is dit deur eerw. dr. J. P. Pellissier tot Bethulie gedoop. Die naam Bethulie beteken „deur God Gekies" of „Huis van die skone Jonkvrou", soos ander meen. Die sendingstasie het ook tydelik die naam „Verruelpolis" gedra, genoem na die eerste president van die Franse Sendinggenootskap. Toe die sendingstasie in 1863 tot dorp verklaar is, het dit die naam „Heidelberg" gekry, dog sedert 8 April 1872 is dit weer Bethulie genoem. Daar is seker geen dorp in Suid-Afrika wat met soveel name kan spog as Bethulie nie. Hulle was, om op te som, onderskeidelik: Groot Moordenaarspoort, Boesmanskool, Caledon, Verruelpolis, Bethulie, Heidelberg en weer Bethulie.

Die eerste arbeider te Boesmanskool het nogal daarin geslaag om 'n gemeentetjie uit die Boesmangeledere op te bou. Maar . . . elke Sondag is aan elke kerkganger 'n stuk tabak oorhandig en die dienste is „getrou" bygewoon, dog toe die voorraad tabak uitgeput raak, was die gemeente kapot en die lede het soos 'n groot speld van die toneel verdwyn.

Adam Kok was glo goed bevriend met 'n Betsjoeana-stam onder kaptein Lepui of Lepoi (die naam beteken „Koei") wat vir Silkaats in die rigting van die Oranjerivier gevlug het. Adam Kok het vir Lepui omgepraat om hom met sy gevolg op Boesmanskool te vestig. In 1831 het eerw. Pellissier onder hulle gaan arbei. Daar was toe sowat 2,000 siele op die stasie en omtrent 300 het in 'n dagskool onderwys ontvang. Sondae is daar een preek in Setsjoeana en twee in Hollands gelewer, 'n bewys dat die Grikwa-element, wat laasgenoemde taal vry goed kon verstaan, ook verteenwoordig was.

Die Betsjoeana se godsdiensbegrip het hemelsbreed verskil van dié van die Grikwa en Koranna. Hulle het in 'n Opperwese geglo wat hulle Molimo genoem het. Hulle het, wonderbaarlik genoeg, ook hul onderworpenheid te kenne gegee met die woorde: „As Molimo wil!" Hulle het geglo dat Molimo 'n persoonlike wese is wat sy tuiste êrens in die onderwêreld het. As hulle hom aanbid, slaan hulle met die hand op die grond.

Dat eerw. Pellissier aan die begin met baie moeilikhede te Boesmanskool te kampe gehad het, blyk uit 'n brief wat hy op 19 November 1833 gerig het aan die voorsitter van die Franse Sending-

genootskap en wat Parys op 8 April 1834 bereik het. Daarin vertel hy dat hy in die afwesigheid van eerw. Kolbe twee maande lank vir die Grikwas op Philippolis in Hollands gepreek het, 'n taal, sê hy, wat hulle goed verstaan. Eerw. Clark is teruggeroep van Boesmanskool en eerw. Pellissier vertrek daarheen. By sy aankoms aldaar het die bevolking uit slegs sowat vyftig Boesmans, klein en groot, bestaan. Hy kon met dié ou dwergvolkie omtrent niks uitrig nie. Hulle dwaal voortdurend in die „woestyn" rond om na veldkossies te soek, jag te maak op die wild en te roof. Slaag hy daarin om sy kudde in die kraal te kry, dan vertoef hulle net solank daar genoeg kos is en dan weier hulle om sonder betaling na die Woord van God te luister. Hulle het tussen Julie en November nie minder as sestig van sy skape en bokke geslag en geëet nie.

Eindelik het hy daarin geslaag om genoemde Betsjoeana-stam te Boesmanskool te versamel en van toe af was sy werk met seëninge bekroon.

In die tussentyd het die Grikwa-gemeente op Philippolis tot byna volle wasdom geraak, en weer moes die kerkgebou verander en vergroot word. Daar is egter tot die besluit gekom dat die ou geboutjie op 'n ondoelmatige terrein geleë was, en die nuwe kerk het verrys op die plek waar die Ned. Ger. kerk vandag staan. In die nuwe Grikwa-kerk het gearbei die leraars Wright, wat in die jaar 1848 op Philippolis oorlede is; E. Solomon, grootvader van regter Solomon; en W. B. Philip, seun van dr. Philip. Hy het saam met die Grikwas verhuis na Niemandsland.

Die eindkapittel van die Grikwa-geskiedenis in die Vrystaat is met hul verhuising na Niemandsland afgesluit. Op 26 Mei 1861 het Adam Kok en sy raad deur bemiddeling van sy agent Henry Harvey 'n dokument geteken waarin verklaar is dat hy, Adam Kok, al sy gronde benoorde die Oranjerivier en sy soewereine regte aan die Vrystaatse regering verkoop vir die som van £4,000, en op 15 Augustus 1861 het hy aan Harvey, wat op Paljasfontein gewoon het, opdrag gegee om die oorblyfsels van sy gronde te verkoop. Dié dokument is geteken deur Adam Kok, W. J. Crossby, W. F. Hyde, W. H. van der Hoven, Piet Pienaar, Lukas van der Westhuizen en Willem Bezuidenhoud. Die volgende jaar het die groot trek van Adam Kok in die pad geval na Niemandsland. Kokstad was sy nuwe woning.

In 1862 is Philippolis tot 'n gemeente van die Ned. Ger. Kerk verklaar en op 18 April 1863 is die eerste leraar, in die persoon van ds. C. Fraser, vader van mev. president Steyn, aldaar bevestig. Agt jaar lank is die dienste in die ou Grikwakerkgeboutjie gehou.

Op 15 Mei 1862 is die Heemraad aangestel. Die lede was Christoffel Snyman, Jac. Struys (Strauss?), Adam Boshoff, Albertus Roux, Henry Harvey en H. Middelton.

In 1865 is balju Raaff deur waarnemende president Spruyt na Philippolis gestuur om Grikwakanonne te soek wat êrens in daardie omgewing weggesteek was. Hy het hulle gevind, en soos hy getuig het, met groot lewensgevaar! Twee ou Grikwa-kanonne kan vandag nog op Philippolis gesien word.

# III.

## OU KOOS KORDON VERTEL

Ou Koos Kordon (Gordon?) is 'n afgeleefde ou Grikwa, een van die weinige oorgeblewenes van sy stam in die Suid-Vrystaat.

„Basie sien, ek is eintlik in Philippolis se wêreld gebore. My grootvader was Hans Kordon, my vader was ook Hans Kordon en van moederskant is ek 'n opregte Bukkies. Basie verstaan mos wat ek meen? Nou moet ek verder eksplein: Toe Adam Kok getrek het, het my vader agtergebly. Ekke wat ek is het by ou missies Norval op Rooipoort, doer naby Donkerpoort in Norvalspont se kontrei, groot geword. My pa was ou missies Norval se skaapwagter en 'n beter skaapwagter het nog so nimmer as te nooit in doerdie wêreld op die platte van sy poot gestap nie. Basie verstaan mos?"

„Was Waterboer familie van die Koks, die Kordons en die Bukkies-goed, ou Koos?" wou ek graag weet.

„Ai, nou kyk nou! Waterboer was mos sommer so ver langs familie van ons. Hy was tog maar net die oenderhand van Adam Kok. Ou Dam Kok het drie seuns gehad. Hulle was Adam, Gert en Tol (Abraham). Adam het naarhand kaptein van ons Grikwas geword, maar hy was nooit 'n regte koning nie, want hy is nie gekies soos sy vader Dam nie. Gert was die perdeduiwel en Tol het kaptein geword van die Korannas."

„En die Brikwas, outa Koos, hulle was seker die élite onder jul Grikwa-volk?"

„Nou toe nou! Dis vir jou ok weer 'n vraag! Maar hoekom kroskwestin die Basie vir my so? Nou toe dam mar. Die Brikwas? Nee-wat, hulle was sommar maai-lords. Daar was gan so 'an nasie soos an Brikwa nie. Dis sommar êê spognaam. Die Grikwa kan mos spog, vernaamlik as hy die versterkkruie en die dwaalbos gemieks het. Maar Basie het gevra of die Brikwas aailiets was. Watse goed van 'n mens is dit? Nee, ek weet tog nie of die Brikwa en die Grikwa Esraliet was nie. Meskien. Who knows?

„Basie moet nou deeglik die grip kry dat ons Grikwa-mense nie sommer optelgoed is nie. Ons is 'n nasie, my basie. 'n Opregte nasie moet 'n pedikrie en ons Grikwas is dapper en bryf!"

„Ek is regtig bly om dit te hoor, outa Koos!" moedig ek die ou skepsel aan. „Maar daar is mense wat my vertel het dat die Grikwa vir die lou so bang was as die duiwel vir die sewe slypstene. En vir die Boesman! Outa Koos, moenie praat nie!"

„En wie vertel vir jou daardie goed, Duisman? Dis sommar skinderpraatjies. Sê vir my wie is daardie man wat ons Grikwa-mense se naam lê-opnok? Ek sal hom sommar hier dood! Die morslant se tjend!"

Ek het toe so effens versigtig geword vir ou Koos Kordon en my respek vir hom het 'n sportjie gestyg.

„Ja, maar outa Koos Kordon, die Grikwas was darem respektabele mensekinders. Of hoe sê Outa?"

„Nou toe dan, an nou? Dit lyken vir my Basie het nogal die Grikwas lief, of hoe sê ek? Nee, die

Grikwas was respektebel mensetjenders. As Basie nie vir my wil glo nie, dan kan Basie vir ou missies Norval loop vra watter eksie-perfeksie skaapwagter my oorlê tata was. Net jammer ou missies Norval is toeka-se-tyd al dood. Die Grikwas was in toeka-se-dae baie ryk en baie dapper. Hulle was gevaarlike mense. Hulle was vreeslik kwaai en het net twee of drie woorde gepraat en dan doen hulle die ding. Pasop as die Grikwa eers gesê het, ‚Ekke sal jou-goed lê-opneuk! Jy-goed sal lê-dood by my! Kan jelle-mens-goed dan nie speur dat ekke die tjarrie an die dwaalbos lê-smouls nie? Dat 's die meer beterste voor jê-goed om te lê-troei-staan!'

„As mens die Grikwa wil die hoenners-in maak, moet mens maar net sê: ‚Hendriks-goed, watse moedelike brandewyn drenk jy weer op deeske dag an watse dagga rook jy weer? Haitsê, broer!' Hy sal jou, al is jy Witmens, sommar moet die vuis bydam en sê: ‚Jou kwagga-snels-se-goed! Jou asvogelstank! Jou herrie-derrie! Jy wat bobbe-jaanwyfie se smaaksel is! Haitsêêêe! Siestog vir jou! Moet ekke-goed jou eet-en-drink lê-bepleis-ter? Toe, wat is jou woord? Sprook!' Dan, my Basie, is dit beter om die Grikwa en sy smouls te groet.

„Nee, die Grikwa drink nie brandewyn nie en hy rook ook nie die dagga nie. Hy drink versterk-kreu en rook dwaalbos. As die Grikwa rook en drink, moet 'n mens hom liewers doodstil laat staan. As hy eers gesê het: ‚Aitsie, as ekke nou galê dwaalbos meng moet dat versterkkreu, dan moet jelle mens-goed my nie kom lê-bouter nie.

Jy sal morskant kry!' moet 'n mens hom liewerste die haksteen wys.

„Ja-nee, Basie, as die Grikwa drink, dan is hy 'n gevaarlike mens. In die ou tyd het die ou-volk 'n paar vaatjies brandewyn van die pag (dranksmous) gekoop en dit was dan 'n narigheid om te sien hoe hulle baklei. As hulle vir mekaar kwaad word, skree hulle soos die hongeragga wolf en sê: ‚Ekke sal hom lê-dood! Hy sal lê-dood by my! Dat hoend! Dat tef! Dat swetter! Dat kwaggamuilesel!'

„As die pag sommer doer annerkant Grootrivier se wêreld aankom, dan trek die Grikwakommando uit om hom te ontmoet en dan sê die Grikwa: ‚Oens an jelle allen sal lê-drenk morskanttoe! Dat pag is an edele groot Deusman! Hy hat galê-karwei vir oens die versterkkreu!' "

„En het die Boesman ook dwaalbos gerook, outa Koos?" vra ek nuuskierig.

„Nou toe nou! Dis vir jou nou ok weer 'n kroskwestin! Basie weet, die Boesman was nie 'n opregte pedikrie mens nie, mar hy kon darem vrek oor dagga. As die Grikwa se vleiskos min word en hy weet dat die Boesman 'n groot jag gemaak het, dan stap hy mot die sakkie dagga na die Boesman se werf en van doer ver af beduie hy. Dan word die Boesman mal van blyigheid en vir 'n stop dagga gee hy sommar 'n gemsbok se hele boudvleis."

„Maar, outa Koos, dit lyk vir my of daar vir die Grikwa se hand niks verkeerd gestaan het nie?"

„Gitsie, my Basie, jy's 'n Duisman wat sommar flerpies reg kan raai! Ai-tog! Die Grikwa is 'n

knaphandige mens! Hy het vir hom die daggapyp van 'n soort sagte klip gemaak, maar die steel was van hout. Die Grikwa en Koranna het sy twak en dagga self gegroei. Nou toe nou, onderskiet ons nog! Maar die Boesman! Hy het by die grondpyp vasgehou. Baas Tjêrt doer naby Donkerpoort se wêreld het 'n opregte pedrikrie Grikwa-daggapyp, my Basie. Loop sien hom!"

„Ai, outa Koos Kordon, die ou mense het darem lekker gelewe! Nè, my outa?" was my uitlokkende vraag-aanmerking.

„Aag, siestog, Duisman-basie, jy maak 'n man se hart sommar baie seer. Aaaaiii, toggies, die Grikwa-briekblokke het mos masiek ok gespeel."

„Jy meen tog nie wat jy daar sê nie, my outatjie?"

„So bragtag as die son doer skyn, Duisman! Die viljool en die kirtaar het ons se mense self gemaak. Die Grikwa was 'n Brikwa, of Basie dit nou wil glo ofte nie. Ons se mense het die viljool se postuur van die rouvel gemaak en van die hout en die senings op die bees se rug was die snare van die viljool. Die rugstringsenings, Duisman. Die perd het sy perdesterthare gegee vir die boogsnaar. Tjêrt Kok se perde-sterte. Die perdestertstrykstok het die mense van Adam Kok laat hotnotriel. Ag, my genadetjie tog!" sug ou Koos en hy pink 'n traan uit die regteroog. En toe dink hy terug wat sy tata en ou-tata in die vervloë dae 'n lekker Grikwa-lyf besorg het. Arme ou Koos Kordon, dink ek.

„Ja, Basie," laat ou Koos agterna met 'n amegtig-temerige stemmetjie hoor, „Basie mot darem ok begrip dat die ou Grikwa-volk ok hulle

se eie vuurdoos gemaak het. Ons was edjikeited mense. Die vuursteen het die kruit in die pan van die roer laat brand en die vuursteen het ok vir ons vuur in die toenteldoos gegee.

„Nee, die Grikwa het nooit mot die asgaai gejag of geveg nie. Dis die Kaffer se wapen. Die Grikwa het maar net die steenroer en die pyl en boog gehad. Die Grikwa het ok houtstange gemaak.

„Perde? Nou kyk! Nie eens die Boere en die Engelse het beter perde as ons gehad nie. Gert Kok was die grootste perdeboer wat 'n mens nog ooit gesien het. Grootfontein was mos sy perdeplaas en by Huilkop was die bymekaarkomplek van die Grikwa-volk. Daar het hulle geruil en gekoop, en die witmense het ook na die vandusie gekom."

„Nou waarom noem hulle daardie plek dan Huilkop, outa Koos?"

„Maar Basie kan mos sommer verstaan. Daar was mos sommer 'n groot baklei en toe huil die mense snot en trane! Basie verstaan mos, nè?"

„Het julle darem ook soos ordentlike mense getrou, outa Koos?"

„Basie sien, ons Grikwas het in God geglo, maar van godsdiens en die kerk het ons net niks gehou nie. Waarom moet 'n man gestaan en kerk word as hy wil vrou vat? Moet daardie nonsies het ons Grikwas ons nie getribbel nie.

„As die mannetjie en die meidjie vir mekaar begin loer, dan kom die vaders bymekaar en die vader van die seun vra die dogter vir hóm; nie vir sy seun nie. Hulle reël dan die troudag en op daardie dag kom die vader van die seun mot

beeste en skape om die meisiekind vir sy seun te koop. As die grootmense klaar gekwansel het, is hulle mos klaar getroud en die bruilof begin.

„Hulle slag beeste, bokke en skape en suip tsjarrie tot hulle byna bars. Basie vra wat se ding is tsjarrie? Nou kyk, dis mos heuningbier wat in groot houtvate gemaak word. Die heuningkoeke wat vol jongbye is, word ingesuur in die vetterige moer wat van 'n soort bossie gemaak word. Dit trek dan 'n paar dae en dis dan net so blitsig as kafferblits. Basie, ek wed jou jy sal nie twee koppies agtermekaar uitdrink nie; jy sal dan viersteweltjies in die lug lê-skop.

„Die bruilof duur vyf of ses dae by die werf van die bruid en al die tyd suip die Grikwas tsjarrie en vreet hulle vleis. Dan trek hulle na 'n ander werf en daar trou hulle weer en hou hulle weer bruilof. Partykeer, vernaamlik as die bruid of bruidegom Brikwa-goed is, hou hulle by drie of vier werwe bruilof en eers as die kaptein die leste bietjie bier gesuip het en die leste stukkie vleis gevreet het, is die bruilof oor. Ja, my basie, die Grikwas is 'n moedelike nasie."

„Die Grikwas maak ook seker 'n groot lawaai as daar 'n kind gebore word, outa Koos?"

„Nie eintlik nie, Basie. As die tyd kom dat die kind moet gebore word, moet die man die bos trap en hy mag nie naby die huis kom voor die vroumens opgestaan het nie. Die dag as die vrou uit die kooi klim, stap die man tot vyftig tree van die huis af. Daar ontmoet 'n paar vroumense hom en hulle karnuffel hom en hulle kasty hom; hulle knyp hom en moker hom moet die vuis en hulle sleep hom na sy huis toe. Nou moet hy

trakteer. Die tsjarrie en die vleis staan reg en die Grikwas hou fees.

„Nee, die Grikwas het nie aan toordery geglo nie en hulle was ok gan bang vir die tsjees en die spook nie. Hulle het net toorstokkies en paljas gehad. Moet die dabbetjie en die kalmoes het hulle die siek mense gedokter. Hulle het nie die Witman se dokter geglo nie.”

„Waarvan het die Grikwas nou eintlik geleef, outa Koos?” wou ek weet.

„Basie moet deedlik verstaan dat die Grikwas ryk mense was. Hulle het die hele wêreld besit en hulle het troppe en troppe vee gehad en oenderkant die fonteine het hulle tuine gemaak. Dan het hulle die wild gejag mot die steenroer en die pyl en boog. Die wild het sommer oor die aarde gewemel en hulle was nie vir die Grikwa so baie bang nie. Maar die lou! Sy snor het gebewe van banggeit as hy die Grikwa sien.

„As die Grikwas die lou sien, stap hulle almal in regment saam na Vuilbaard toe. Dan sê die Grikwa: ‚Haitsêêê, jy andermaal galê-koers hierwaarts, nè? Hè, oom Lou? Oens wel van jou hierdie vandag se dag tsjoing-goed lê-maak. Hierdie vandag oens dood voor jou. Oens wel jou-goed se vel hê, oom Lou!’

„Dan kry die lou mos skaam en hy laat sak sy kop van skaamtigeit. Dan praat die steenroer en die lou kap in die lug en hy rol om. Ja, Basie, die Grikwas was die dapperste nasie oender die ganske son!”

„Ai, outa Koos,” laat ek my pleitstemmetjie hoor, „julle Grikwa-goed het darem sommer regtig ’n mooi taal gepraat!”

„Basie, ons het 'n verhefde taal wat gan mens kan skrywe of lees nie maar ekke ken nie die Grikwa-taal so dennies goed nie. Ek het mos by ou missies Norval op Rooipoort groot geword. Ek het darem die taal van my vader geleer, maar ek praat hom nie, want ek is 'n edikeited man. Weet Basie wat? My tata het die Grikwa-taal vir oubaas Aderjan Struis (Strauss) van Strydfontein geleer en ok vir oubaas Pienaar van Tweefontein. Doerdie twee oorlê oubase kon die Grikwa-taal bragtag praat!"

„Het jy vir Adam Kok met jou eie oë gesien, outa Koos?"

„My flikkers! Dink Basie dan ek is vandag se snetter? Ons was dan eie bloedfamilie! My tata het mos baie vir Adam gaan kuier!

„Maar nou wil ek Basie ok kroskwestin: Watter is die sterkste mens in die ganske wêreld?"

„O, dis baie maklik om te sê, outa Koos. Dis die Grikwa!"

„Ag, kyk nou! Ek het gedog Basie is 'n edikeited man. Nee, die sterkste mens is die Boesman. 'n Opgeskote Boesman kan sommer speel-speel twee Grikwas vashou dat hulle nie hul se tjert kan roer nie!

„Nou kom my tweede kroskwestin, Basie: Watter is die sterkste dier in die wêreld?"

„Hierdie skoot sal jy my nie vashoek nie, Outa. Die sterkste dier in die wêreld is natuurlik die olifant!"

„Ag, siestog, kyk nou hier! Die sterkste dier is mos die tier!"

„Aits, outa Koos, julle Grikwa-goed is darem slim mense!"



*Johannes J. L. Brits van Petrusburg.*

„Raait, my Basie, nou gee ek vir jou hierdie raaisel: Die wille van my willie lat ek slyk en party nie. Die van die tiermannetjie staan bokant die dam. Wat se dier is dit?"

„Dis seker 'n kokkewaan, outa Koos!"

„Nee-wat, Duisman, jy is gan 'n edikeited man nie. Dis mos 'n springhaas!"

Ek was bang vir verdere „kroskwestins" en het toe maar vir ou Koos Kordon 'n gelukkige sonsondergang toegewens, hom iets in die hand gestop en vertrek.

## IV.

## DROSTERSLAAF WORD GROOT GRONDEIENAAR

Suid-Afrika het ook sy „Uncle Tom" gehad aan die begin van die negentiende eeu, toe slawerny nog hoogty gevier het in ons sonnige land. Sy lewe was so nou verbonde aan dié van Adam Kok en die Grikwas in die algemeen, dat 'n hoofstukkie aan hom gewy seker nie as oorbodig beskou kan word nie. Hy was geen denkbeeldige persoon soos die „Uncle Tom" van Amerika nie. Laasgenoemde is die hoofpersoon in „Uncle Tom's Cabin", die pen-skepping van mev. Harriet Beecher Stowe, en haar boek het hoofsaaklik die doel gehad om propaganda te maak vir die vrystelling van slawe.

Salmon Frederik Opperman, die Suid-Afrikaanse „Uncle Tom", was verantwoordelik vir die stigting van die Oppermans-reservaat aan die linkeroewer van die Rietrivier in die distrikte

Jacobsdal en Fauresmith. Ou Freek (soos Opperman in die wandel bekend was) was 'n drosterslaaf wat hom vroeg in die negentiende eeu metterwoon aan die Rietrivier gevestig het, en sy nasate bewoon vandag nog daardie uitgestrekte stuk grond. Dis besonder opmerklik dat daar betreklik min Vrystaters is wat daarvan bewus is dat binne hul landsgrense 44,000 morge lê wat die erflike besitting is van 'n kleurling-gemeenskap, 'n erflating wat erken is deur die ou Vrystaatse Volksraad en waarvan dié gemeenskap kaart en transport besit. Dié reserwe staan algemeen bekend as die „Oppermansgronde".

'n Tyd gelede het ek besoek gebring aan die Oppermansgronde en daar spore gesien van ondernemingsgees, deursettingsvermoë en noeste vlyt . . . die handewerk van ou Freek en sy seun Adam. Die huis wat ou Freek gebou het, staan nog en word nog bewoon. Dit was oorspronklik 'n dubbelverdieping-gebou, dog tydens die Tweede Vryheidsoorlog is dit gedeeltelik deur Engelse troepe vernietig. Daar is, jammer genoeg, onmiskenbare aanduidings dat die afstammelinge van die twee genoemde Oppermans 'n demoraliserende gang gaan, soos geredelik erken word deur Adam Cornelissen, 'n kleinkind van ou Freek, met wie ek 'n onderhoud gehad het. Hulle bewoon onteenseglik 'n eersteklas skaapwêreld en beskik oor ryk onderaardse waters, maar die inisiatief en die ywer wat deur ou Freek en Adam aan die dag gelê is, ontbreek. Tug, volgens Adam Cornelissen, word nie meer gehandhaaf nie. Die wonings is bouvallig en die eertydse tuinerye, boomgaarde en uitgestrekte wingerde, asook die kraalmure,

lê in puin. Die werkplaas van ou Freek (hy was 'n grofsmid) en baie stukke van sy gereedskap kan nog gesien word.

Uit die kerkstukke blyk dat Freek Opperman gebore is op 27 Augustus 1785 en oorlede in die jaar 1892. Hy moes dus die hoë ouderdom van 107 bereik het. Hy is naby Stellenbosch gebore. Sy vader was 'n Bengaalse slaaf en sy moeder 'n Franse vrou. Hy was die slaaf van 'n sekere Opperman van Swellendam, wie se naam hy hom toegeëien het en by wie hy die wamakersbedryf en die ambag van grofsmid geleer het. Op jeugdige leeftyd is Freek getroud met 'n slavin, 'n Mosambieker, soos gemeen word. Uit die huwelik is 'n hele paar kinders gebore en ook Adam (Petrus), op wie se skouers die mantel van ou Freek geval het. Freek moes elke aand nadat sy dagtaak verrig was, meer as 'n uur te perd ver afdraf om die nag by sy gesin deur te bring, en die volgende more moes hy douvoordag die vonke laat spat in die smidswinkel. Dit het te veel van sy kragte geëis en hy het sy baas versoek om sy slavinvrou te koop, sodat hy met sy vrou en kindertjies onder een dak kon woon. Die eienaar van die knap slavin was egter nie geneë om van haar afstand te doen nie. En toe wend Freek 'n poging aan om die slaaf te word van die eienaar van sy wederhelf, maar sy baas kon sy nuttige handlanger in die smidswinkel nie mis nie.

Toe neem Freek 'n krasse besluit en deel sy geheim aan sy vrou mee. Liewers die woesteny in as om langer 'n slaaf te bly. Hy sou vir hom 'n woning in die onbekende Noorde gaan bou, en dan kom hy terug om sy kroos te haal. Die

afskeid was hartroerend, want die gesinnetjie was verknog aanmekaar. Die volgende more het Freek en sy opgeskote seuntjie, wat hy deur spaarsaamheid as slaaf reeds vrygekoop het, spoorloos verdwyn. Dit was vroeg in die negentiende eeu.

Op Graaff-Reinet het die vlugtelinge 'n rukkie vertoef, want Freek het gemeen dat hulle 'n veilige hawe bereik het, maar toe kom daar 'n waarskuwende stem dat sy agtervolgers kort op hul hakke is, en Freek met Adam aan die hand vervolg sy weg na die onbekende Noorde en bereik die Oranjerivier. Ruimte ontbreek om die avontuurlike voetreis te beskryf. Meer as eenmaal het hulle byna ten prooi geval aan leeus en Boesmans.

Ou Freek het gemeen dat hulle betreklik veilig sou wees as hulle eers die regteroewer van die Oranjerivier betree het, want die slawehuis en die beskawing lê baie ver agter die rug. Hulle het die breë rivier veilig deurwaad omtrent waar die wabrug op die hoofweg tussen Colesberg en Philippolis later gebou is. Een more, 'n dagreis verder, het 'n vreemde skouspel hulle verwonderd laat rondkyk. Duisende stuks groot- en kleinwild van allerlei soorte het om hulle saamgedrom waar hulle 'n oomblikkie gaan rus het op 'n los rantjie. Vinnig het hulle in 'n boom geklim om nie deur die aanstormende diere doodgetrap te word nie. Die sonderlinge gebeurtenis het ou Freek en Adam smekend Boontoe laat roep (ou Freek was 'n ware Christen), maar die vreemde voorval het vir hulle duidelik geword toe hulle honderde Grikwas soos 'n ringmuur om die wild opmerk.



*Eerste huis wat op Jacobsdal gebou is.*

Adam Kok het 'n groot jag op tou gesit en ou Freek en sy seuntjie het in die „kraal" te lande gekom. Dit het plaasgevind op die teenswoordige Pramberg in die distrik Philippolis.

Ou Freek en Adam is deur Adam Kok gevange geneem en geruime tyd op Philippolis aangehou. Daar het ou Freek met 'n „sjarmante" dogter van Adam Kok in aanraking gekom en 'n intieme verhouding was die gevolg. Daar was egter geen spruit nie en die Grikwa-nooi het hom later links laat lê. Hy het glo nog so nou en dan by haar besoek gaan aflê, dog toe Adam Kok met sy trawante verhuis na Niemandsland (Grikwaland Oos), het hy al die bande losgeknoop.

Nadat ou Freek 'n tydlank die „gas" van Adam Kok was, het hy besluit om hom metterwoon te vestig op die linkeroewer van die Rietrivier. Gedurende sy gevangeskap het hy die kat uit die boom gekyk en as 'n betreklik goed ontwikkelde man tot die gevolgtrekking gekom dat hy vir 'n appel en 'n ei 'n groot grondeienaar kon word. Sy planne het gou vrug gedra en binne die bestek van 'n paar jaar het hy sy doel bereik. Ook het hy 2,400 riksdaalders gespaar om homself vry te koop as slaaf. Hy was nou 'n ryk man . . . seker ryker as sy oubaas daar onder in Swellendam se wêreld. Kort daarna het hy besoek ontvang van 'n seun van sy oubaas wat op 'n handelstog na die Transoranje gekom het. Hy het aan sy oubaas agt mooi perde present gestuur en toe ontvang hy van sy oubaas 'n pragstuk van 'n wa, geskoei op die lees van 'n Voortrekkerwa. Dié wa was kort voor die Tweede Vryheidsoorlog nog in gebruik. ('n Hele paar van die roesbare

dele van die wa wat ek naby die woning van ou Freek opgetel het, is aan my geskenk deur Salmon, die teenswoordige voog van die Oppermans-nedersetting.)

Ou Freek het vinnig vorentoe geboer, die plaas Doornfontein gekoop en daarna die plase Droë-laagte, Winkelhaak en Poortjiesdam of Volstruis-kooi, waar die sendingstasie later verrys en baie vrugte afgewerp het onder die superintendentskap van die Duitse sendeling eerw. Wuras en sy opvolgers. Drie van die plase was geleë in die teenswoordige distrik Jacobsdal en die res in Fauresmith-distrik. Aan die begin was Freek se grootste bron van inkomste sy smidswinkel. Ou Freek was 'n besonder knap ambagsman en hy is besig gehou deur die Grikwas, wat vir hom baie herstelwerkies besorg en wie se waens hy gekort het.

Om maar net 'n paar voorbeelde te noem van hoe winsgewend ou Freek se ambagswinkel vir hom was: Die vleisrooster van 'n Grikwa-kaptein-tjie op Klokfontein het gebreek. Ou Freek het die ou roostertjie binne die bestek van 'n halfuur herstel en die fooitjie was maar net 'n grootuier-vers. Vir die kort van 'n wiel moes die knaap van Klokfontein agt geel verse uit sy trop keer en in die kraal van ou Freek besorg. Vir die kort van 'n wawiel het hy maar net 24 riksdaalders gevra, maar die geel versies is gewaardeer teen drie riksdaalders stuk.

Ou Freek het oor die beste gereedskap beskik. Sy blaasbalk, wat besonder doeltreffend was, het hy vervaardig uit die vel van 'n swart wilde-bees.

Die oud-slaaf se lewende hawe het vinnig vermenigvuldig. Hy was in 'n kort tydjie die trotse eienaar van duisende skape, meestal basters, honderde beeste en nagenoeg agthonderd perde. Die oorblyfsels van die groot bees- en perdekrale kan vandag nog op die Oppermansgronde gesien word. Uit sy perde, wat hy soms verkoop het teen £25 stuk, het hy ongelooflike groot winste gemaak. Hy het oor baie duisende ponde beskik wat hy in beeshorings begrawe het. Ná die dood van ou Freek in 1892 kon niemand verslag gee wat van al sy geld geword het nie, en die oortuiging het by sy nasate en sy blanke bure posgevat dat daar vandag nog duisende ponde in beeshorings êrens op die Oppermansgronde begrawe lê. Ou Freek is eenmaal besteel en daar word gemeen dat hy 'n veilige bêreplek vir sy skatte gesoek het.

Adam Cornelissen vertel my dat die tug tydens die voogdyskap van ou Freek en sy seun Adam baie streng was. As voorbeeld van hoe 'n misdadiger soms gestraf is, kan genoem word die geval van Simon Arendse, wat van ou Freek, sy oupa, 'n horing vol goud gesteel het. Simon het geswem in die geld en rojaal geleef. Dit het die agterdog van ou Freek en Adam gaande gemaak. Ondersoek is ingestel en een van die beeshorings vol geld is vermis. Volgens wet moes Simon sy vonnis verneem uit die mond van die landdros op Fauresmith, maar die owerheid het ou Freek en Adam die aansoek toegestaan om die misdadiger 'n straf op te lê volgens hul goeddunke. Simon is gevonnis tot twaalf maande eensame opsluiting in 'n klein vertrekkie. Dag en nag, twaalf maande lank het gewapende wagte voor die deur van die

kamertjie op en af gestap om te verhoed dat Simon Arendse met die buitewêreld in verbinding tree. 'n Jaar lank het Simon met geen sterfling 'n enkele woord gewissel nie.

Misdade, vertel Adam Cornelissen, was byna onbekend tydens die voogdyskap van Adam Opperman. In die reël het die dief voor die regbank van 'n landdros verskyn, dog kleiner misdade het Adam self ondersoek en die skuldige met die sambok afgeransel. Daar het nie weer 'n diefstal van geld voorgekom nie. Om dit te verhoed, het ou Freek die geld sorgvuldig weggesteek, en toe hy in 1892 oorlede is, kon niemand verslag gee wat van die duisende ponde geword het nie.

Adam Cornelissen vertel verder dat hy vyftien jaar lank as voog in die plek van Salmon opgetree het. Die sambok was sy beste tugmiddel en die hele gemeenskap het ontsag vir hom gehad. Meer as een keer het hy onwelkome gaste te perd, en gewapen met die sambok, van die Oppermansgronde verdryf. Hy is een van die weinige van die Oppermansgeslag wat die voetspore van ou Freek en Adam probeer volg. Hy is hardwerkend en presies. Sy kantoortjie sien daar netjies uit met 'n lessenaar, 'n tafel en 'n paar stoele. Ook het hy 'n ruim en doeltreffende woonhuis, dog hy woon op sy eentjie, daar hy ná die dood van sy vrou hom nie weer in die huwelik begewe het nie. Sy smidswinkel bevat 'n groot hoeveelheid moderne gereedskap en sy handewerk getuig van deeglikheid en kunssmaak. Voor sy woonhuis is 'n pragtige vrugteboord en 'n groot wingerdprieel.

Adam Cornelissen, kleinkind van Freek Opperman, het 'n veelbewoë loopbaan agter die rug. Hoewel dit nie van hom en Salmon verlang is nie, het hulle tog aangesluit by die Boeremagte by die uitbreek van die oorlog in 1899. Adam dra drie koeëlwonde . . . die een koeël is by sy regterwang in en agter die nek uit; die tweede koeël het by die regterbors ingedring en is agter die blad uit, terwyl die derde die regterbeen gebreek het. Die wonde het hy opgedoen binne 'n paar minute in die slag van Rooilaagte (Magersfontein). Adam is gevange geneem en na Simonstad gestuur, en toe het hy kennis gemaak met die see en met die Bermudas. Na die vredesluiting het hy geweier om die deklarasie van onderdanigheid te teken en meer as ses maande het verloop voordat die Oppermansgemeenskap hom kon terug verwelkom.

## V.

## GRUSAME BOESMAN-MOORDE EN UITDELGENDE GRIKWA-WRAAK

Van die grusame moorde wat deur die Boesmans op die Grikwas en Korannas van Bethanie gepleeg is in die jare veertig van die negentiende eeu, toe eerw. C. Wuras van die Berlynse Sendinggenootskap hoof van die sendingstasie aldaar was, het ek onlangs verneem uit die mond van die ou heer Johannes J. L. Britz (Oom Hansie) van Petrusburg, wat verlede Desember (1941) sy tagtigste verjaardag kon vier.

„Ek het as jong man eerw. Wuras baie goed geken," vertel Oom Hansie. „In 1884 het die ou

Eerwaarde met pensioen afgetree. Hy was 'n liewe ou mens. Ek het hom baie liefgehad en hy het ook baie van my gehou. As seun het ek baie by hom gaan kuier en soms dae en weke in sy geselskap deurgebring. Hy het my baie vertel van die gruwelike moorde wat die Boesmans gepleeg het op die Grikwas en Korannas en die uitdelgende weerwraak wat uitgeoefen is."

In daardie dae, het eerw. Wuras aan Oom Hansie meegedeel, het die Duitse sendingstasies in die Transgariep met mekaar in voeling gebly deur middel van 'n posverkeer. Tussen eerw. Wuras en eerw. Zerwik het 'n gereëlde briefwisseling bestaan . . . gereeld beteken een of twee maal per jaar. Vanweë die groot afstand tussen Bethanie en Pniel en die baie gevare wat daar op die pad geskuil het, was dit bykans onmoontlik om 'n gereëlder posverkeer in te stel. Die twee sendelinge het beurte gemaak om die pos te laat vervoer. Dit het die posryers, 'n Grikwa-kommandotjie te perd, ruim 'n maand geneem om heen en terug te reis.

(Onthou moet word dat hoewel die sendelinge op Bethanie hoofsaaklik onder die Korannas gearbei het, die Grikwa-land vry goed verteenwoordig was. Hierdie streek is deur Adam Kok aan die Duitse Sendinggenootskap afgestaan).

Dit was in die hartjie van die winter en dit was weer eerw. Wuras se beurt om die pos te laat vervoer. Hy het dertien Grikwas te perd na Pniel gestuur. Die reis het betreklik voorspoedig gegaan; leeus en ander ongediertes en die geel dwergmannetjies het 'n paar avontuurtjies besorg, maar nog net een flukse skof van die terugreis

het voorgelê toe die nag hulle oorval op Blaauwboschpan, in die onmiddellike nabyheid van Tafelkop. Die bossiekopponies sowel as die ruiters was tam, en daar is besluit om aldaar te oornag. 'n Groot vuur het gou-gou die omgewing verlig. Daar is vleis gebraai en die dertien posryers was net opgeruimd, want vroeg die volgende dag hoop hulle om Eerwaarde te verbly met nuus van sy ou vriend daar op Pniel.

Een van die dertien het egter naderhand stil geword en hom nie verder laat meesleep met die joligheid van 'n ge-„haitsê-aitsê en 'n ga-lê" nie. Hy het stiller en stiller en meer afgetrokke geraak en het selfs, soos hy later verklaar het, 'n gevoel van naderende onheil in sy binneste gewaar geword. Ons noem hom Oerson.

„Nou an tjee dan, Oerson," wou een van die geselskap weet, „an hoekom an warrem tjee galê-set sos dat brak wat sy-goed sê kos galêstool ees? Tjee koes tog galê-vrolik tjee ok oer dat dag van morgen!"

„Hétsé, myn broeders," steun Oerson, „deeske plaas ees gevaarlike plaas. Hierdie man in my allerbenneste anhoe lê-verkondag dat oens mot lê-ritreer. Oens moet lê-koers Bethanie-toe."

„Kgaa, seg ekke! Hoor toggies soms voor Oerson vanawend! Hy-goed verlang nou seer veel na die sussies doer op Bethanie!"

Die stomme Oerson, wat 'n man in sy hart bewaar wat lê-verkondig die naderende onheil, was die hele aand die voorwerp van spotterny en plaery. Maar die versigtige man in sy binneste het aangehou om hom te waarsku teen die Boesmans daar op Tafelkop.

„Leuster seer veel hier by my, broeders,” protesteer Oerson, „ekke gaan lê-staan gehoorsaam dat man hier in myn benneste. Hy doerdie mangoed lê-bedeu van dat Boesmans wat skeul op Tafelkop! Ekke lê-oeit derwaarts nou!”

Met hierdie woorde verwyder Oerson hom tot op ’n afstand van ongeveer honderd tree van sy maats, wat hoe later hoe luidrugtiger word. Daar agter ’n struik het hy sy velkombersie oopgesprei, en binne die bestek van ’n minuut of tien was hy in droomland.

Teen middernag is Oerson gewek deur benoude uitroepe. Dowwe mokerhoue en ’n smartlike gekreun en gesteun daarná het die slaapdronke Oerson laat besef dat die man in sy binneste die waarheid gepraat het en dat sy twaalf ligsinnige maats die slagoffers geword het van ’n moordaanslag gepleeg deur die Tafelkopse Boesmans. Hy, die dertiende, sal sy lyf nou maar skraal hou en retireer in die rigting van Bethanie.

Dat Oerson geen gras onder sy voete laat groei het nie, spreek vanself. Vroeg daardie more het die verwese Oerson die treurmare op Bethanie versprei en ’n geklaag en geween het opgestyg na die hemel. Eerw. Wuras was verpletter van verdriet en ontsteltenis. Hy het, ná ’n vurige gebed, onverwyld handelend opgetree en ’n betreklik sterk kommando, gewapen met kieries, byle en ’n paar oud-gediende steenroers, uitgestuur na Blaauwboschpan. Daar het ’n afsigtelike skouspel hulle gewag. Die twaalf lyke was grusaam vermink, sommige in so ’n mate in toutjies gesny dat hulle onherkenbaar was. Hulle het ’n gesamentlike graf gevind en in gebruiklike Grikwa-



*L.n.r.*: (1) *Hendrik Ekspres,* (2) *Koerad Domkrag van Boshof.*

en Koranna-spreektrant is daar dure ede afgelê. Tafelkop se Boesmans sal uitgedelg word, man, vrou en kind . . . niemand sal gespaar word nie, ook nie die suigeling nie.

„Helle sal so bragtag as die . . . lê-dood by oens. Helle sal lê-morskant kree!"

Die possak is deur die Boesmans stukkend gesny en die briewe en ander stukke het oor die veld versprei gelê. Die kommando het egter, ten spyte van die dure ede, besluit om na Bethanie terug te keer en eers aan Eerwaarde sy briewe te besorg.

Maar die beproewings van die gemeenskap op Bethanie het nog nie die laaste fase bereik nie. 'n Hele paar dae het verstryk en die dure ede het in die vergetelheid begin raak. Dit het die Boesmans gerus gestel, en aangevuur deur die sukses waarmee hul moord- en rooftog op Blaauwboschpan bekroon is, het hulle besluit om 'n strooptog te maak in die rigting van Bethanie. Hulle het so ver gekom as die teenswoordige Kareefontein en hulle daar in die rante skuilgehou.

Op 'n more het 'n stuk of twintig beeswagtertjies met die trop beeste (ongeveer 300) van die samelewing op Bethanie in die rigting van Kareefontein getrek. Dit was winter en 'n snerpende windjie, gepaard met vlagies sneeu-reën, het venynig uit die Suide geblaas. Die trop het koers gevat na die rante en die wagtertjies het gevolg. Die Boesmans het die aantog uit die rante dopgehou en hulle was in hul noppies.

Geruisloos sluip geel aapagtige dwergmannetjies nader en weldra worstel 'n twintig of meer Grikwa-Koranna-klonkies met die dood . . . elkeen deurboor

met 'n Boesmanpyl. Maar die geel dwergies se wandaaddors was nog nie volkome geles nie. Eers nadat al die lykies grusaam geskend was, het hulle die kreet van oorwinning uitgestoot.

Toe die wagtertjies daardie aand nie met die trop opdaag nie, het bange vrees die hart van vaders en moeders omklem. Dit het nog nie van tevore gebeur dat hulle so laat uitbly nie.

Die volgende more is 'n aantal van die manne vroeg uit en hulle volg die dowwe spoor van die beeste na Kareefontein se rante. Oerson was ook by en die man hier in sy binneste het maar aanhou praat en hom nog gedurig „galê-waarskou" teen die Boesmans van Tafelkop. Teen die hang van die rant ontdek hulle die verminkte lyke van hul kinders. 'n Tweede ramp het die bewoners van Bethanie binne die bestek van 'n dag of tien getref. En daar het weer 'n hartdeurborende geween en geklaag opgegaan.

Eerw. Wuras, die waardige man, moes troos, maar hy en sy wederhelf het eers die binnekamer opgesoek. Hulle was mense vol godsvrug in wie geen haat, geen wraaksug geskuil het nie. Maar hulle het nie hul gemeentelede teruggehou om 'n strafekspedisie toe te rus nie.

Die dure ede wat op Blaauwboschpan afgelê is, is ru in die geheue teruggeroep. Hulle is nou herhaal en verdriedubbel.

„Haitsééé!" het een van die bedroefde vaders smartvol uitgeroep, „oens hat doer by dat pan voor den Here galê-valssweer. Die Here hat galê-loer voor oens-goed. Oens hat gafaal, soos Eerwaarde altoos voor oens hat lê-bedeu. Das sos Eerwaarde seg, as mens voor den Here lê-galofte

maak en jy lê-kreup weg, dan sal doerdie berge op jee lê-val!"

Almal het saamgestem. Hulle moes dadelik opgetree en die moordenaars van die posryers uitgedelg het. Dan sou 'n tweede onheil huis en haard nie verdonker het nie.

Maar die „dapperes" het nog getwyfel of hulle met die Boesmans sou gaan kragte meet, en 'n paar het openlik te kenne gegee dat die straftog om baie redes geen vrugte kon afwerp nie. Die vroue van die „helde" het geluister na die redenasies.

„Tjgaa, sies vir jou, Hans Bakstaan! Jou huisluis! Jou roksleper! Die Boesmans hat nou galê-kom toet by die stat en oens se kleingoed vermoor. As jelle-goed se mans te broekbang ees om dat bobbejaansnetters die nek en te moker, dan sal oens wat vroumens-goed ees dat byl an dat kierie-goed lê-vat!" skree ou Fytjie met 'n skril stem wat wie-weet-waar gehoor kon word.

Dit het die deurslag gegee en die kommando is na Tafelkop, 'n steil, kubusagtige los berg, die kruin waarvan bestaan uit ysingwekkende kransgevaartes. Destyds, soos vandag nog, kan die tafelvormige top slegs bereik word met 'n voetpad wat tussen rotse, rotssplete en duiselingwekkende afgronde heen slinger.

Eerw. Wuras het voor die vertrek van die kommando die lede plegtig aan die sorg van God toevertrou. Hy het 'n „kommandant" aangestel en die kommando het hom „gehaas" na Tafelkop. Die eerste nag het hulle vertoef op die teenswoordige Luipaardskop, en die volgende dag het hulle geskuil in die rante van Vantondersspoort. Van die

kruin van Tafelkop het hulle tientalle rooksuiltjies sien opstyg, 'n bewys dat die dwergmannetjies fees vier. Hulle moes dit fluks doen, want hier onder die kranse wag nog 'n paar honderd beeste wat verorber moes word.

Toe die wintersonnetjie daardie aand sy kop agter die gesigseinder wegtrek, klink die kommandant se bevel skerp: „Opsaal, broeders! Voorwaarts, manskap!" En versigtig nader hulle Tafelkop. Aan die voet van die berg word die bossiekopponies vasgemaak. Een van die manskappe wat die spits van Tafelkop vroeër besoek en die voetpad na die tafelvlak goed geken het, is as „leidsman" benoem. In sy voetspore het die res gevolg.

„Hétsé, broederen," fluister Oerson, „dat man hier in myn allerbenneste lê-sprook weer. Hygoed lê-bedeu nou dat oens dat Boesman-goed gaan lê-dood. Dat es so; helle sal lê-dood by oens! Die Here hat voor helle galê-loer!"

Oerson se voorspelling is fluisterend uitgesaai en dit het hulle met moed besiel. Die splinternuwe riem onder die hart het elkeen die byl en die kierie met 'n gebliktand laat vaster gryp, en nou was hulle in der waarheid begerig om die moordenaars by te dam.

Op 'n gelykte aan die voet van die kranse het hulle omtrent 250 van hul beeste in sittende houding aangetref. Die diere se hakskeensenings was afgesny. Hulle het nog almal geleef.

Nou het die Grikwa-Koranna eers geknerstand. Steelsgewyse het hulle die voetpad tot bo-op die berg gevolg. Hulle is nou in die onmiddellike nabyheid van die moordenaar-rowers. Die hele



*Ou Els, 'n tipiese Grikwa-Koranna-meid in die distrik Petrusburg.*

bergkruin weerklink van die geklik-klak uit die monde van die oermensies. Hulle beduie hoe hulle Grikwa-Koranna en Witman daar onder uitoorlê het. Hulle praat van die vet beeste wat hier onder die krans sit-staan en van die heerlike feesdae wat nog voorlê. En hulle vreet.

Die kommandant het getoon dat hy die vertroue van Eerwaarde waardig was.

„Etisé, manskappe," fluister hy toe 'n paar vuurvreters, aangewakker deur die man doer in Oerson se binneste, al die handbyl en die kierie vasvat om die dwergies te wys waar oorle oubaas Dawid die wortel gegrawe het, „tjee die boeppense kans om helle te lê-oeitvreet. Dalkies doe helle en dan, my manskappe . . .!"

Teen middernag het nog net die olienhoutkole getuig van 'n feesviering soos nog nooit op Tafelkop gesien was nie. Die dwergies het met oorlaaide magies vas in die arms van Morpheus gelê. Maar 'n uur later het die ewige slaap hulle oorval. Die rooidag het die bloed van honderde dwergmannetjies roomkleurig getint, maar toe die eerste strale van die son oor die rotsgevaartes loer, is die bloedtoneel rooi weerkaats.

Daar was nog 'n aantal klein Boesmantjies wat opsy die nagrus geniet het nadat hulle die onversadigbare magies met beesvleis gevul het. Hulle is deur die skerpregters aan die bene beetgepak en die koppies is teen die rotse verpletter. Die Bethaniërs het huiswaarts gekeer en verslag aan eerw. Wuras gedoen. Beesvleis was geruime tyd volop in Bethanie.

Oom Hansie deel mee dat hy meer as sestig jaar gelede in geselskap van eerw. Wuras die toneel

besoek het waar die Bethaniërs hul wraak gekoel het op die Boesmans. Hulle het daar nog tientalle verbleekte geraamtes en kopbene van Boesmans gevind. 'n Jaar of twaalf gelede het Oom Hansie met 'n aantal skoolkinders weer 'n besoek aan die plek gebring. Daar is nog beendere en skedels gevind, dog hulle was baie verweer.

## VI.

## SKIETMEKAAR

Op Skietmekaar, die plaas van mnr. Michiel Adriaan Oberholzer (algemeen bekend as oom Gielie of Oom Jorsie), wat tussen die dorp Fauresmith en die Rietrivier geleë is, is in die veertiger jare 'n „bloedige" veldslag gelewer. Daar het Grikwas en Korannas mekaar geskiet en daar het bloed gevloei . . . so 'n paar druppeltjies.

In die jaar 1837 het Boere uit die ou Kolonie die Oranjerivier oorgesteek met die doel om hulle metterwoon te vestig in die teenswoordige distrikte Philippolis, Fauresmith, en so meer. Voor daardie jaar het Boere met hul kuddes hierdie streke besoek, dog uitsluitend met die doel om hul veetjies knuppeldik te laat vreet op die onverbeterlike weivelde van die Transoranje. Maar in 1837 het 'n betreklik groot aantal gesinne, onder andere ook die gesin van Michiel Adriaan Oberholzer, grootvader van die teenswoordige eienaar van die plaas Skietmekaar, daar aangekom. Op Skanse is die trekkers uitmekaar, en elkeen het 'n goeie plaas as doelwit gehad.

Genoemde M. A. Oberholzer het 'n vername rol gespeel gedurende die woelige jare veertig en vyftig van verlede eeu en die eerste immigrante in daardie distrikte het na hom opgesien om raad en leiding. Hy het selfs by meer as een geleentheid van die owerheid opdrag ontvang om die een of ander saak in orde te bring, om geskille te besleg of om vrede te bewerkstellig tussen verskillende kleurlinggroepe of stamme, wat dit nie kon nalaat om mekaar maar alte dikwels in die hare te vlieg nie. Die kuns om „kroesigheid plat te stryk", soos die Grikwa sê, het Oberholzer by uitstek verstaan.

Die Grikwas, aan wie die hele gebied tussen die Riet- en Oranjerivier behoort het, was verkoop-lustige en ruil- en verruillustige mense en die Boere was binne korte tyd die wettige eienaars van uitgestrekte plase. Ja, maar die Grikwas was ook danig vrygewig. Aan die eerste blanke kind wat in sy gebied gebore is, het Adam Kok die plaas Knoppiesfontein, naby Donkerpoort, present gegee. Dié kind was Willem Joubert.

Die grenslyne wat die plase van die Boere en Grikwas geskei het, is noukeurig bepaal en daar was geen noemenswaardige grensgeskille nie. Ook is die „reserwes" van die Korannas afgebaken, maar hulle en die Grikwas het maar altyd met 'n lang lepel uit dieselfde pappot gesmul. Dam Kok se seun Adam het kaptein van die Grikwas geword, en sy derde seun Abraham kaptein van 'n Koranna-stam.

'n Grikwa-gemeenskap onder hul hoofman Soup het naby Skietmekaar gewoon, terwyl 'n Koranna-stam onder hoofman Sem of Samuel by die

waterryke fonteine van Skietmekaar hul pondokkies gebou het. Deur die een of ander beuselagtige misverstandjie, waarby die grenstwiste weer 'n rol gespeel het, het dié twee kleurlinggroepe vir die soveelste keer oorhoop gelê en in 'n stryd met buskruit en lood gewikkeld geraak. Daar is nie sommer roekeloos losgebrand met kruit en lood nie. Nee, sulke onverskillige mense was hulle darem nie. Die eerste fase het die vorm aangeneem van tweegesprekke, en die welsprekendheid wat daar aan die dag gelê is, sou selfs groot staatsmanne laat watertand het. Maar tot 'n ooreenkoms kon hulle nie geraak nie. Eers is daar „beskaafde" ultimatums oor en weer gestuur, maar hulle het geen vrug gedra nie. En toe is daar oorlog verklaar.

Daar het groot opgewondenheid in die omgewing van Skietmekaar geheers. Die steenroer en die pyl en boog is eksie-perfeksie in orde gebring; lood is gesmelt; koeëls is gevorm, en honderde sakkies is met buskruit gevul . . . net die regte maat om die steenroerkoeëls dwarsdeur die bakwerk van 'n Koranna of Grikwa te dryf.

Die heuglike dag waarop die laaste druppel bloed sou gestort word vir grensvryheid en reg, het eindelik aangebreek en die strydmagte van die „oorlogvoerendes" het stellings ingeneem in rante wat min of meer ewewydig loop, maar die afstand tussen die „stellings" was so groot dat die steenroer-projektiele nie die kwart van die afstand kon haal nie. Voor die „veldslag" 'n aanvang neem, spreek Soup sy manskappe met 'n bewoë stem as volg toe:

„Broeders an brywe burgers, ekke sprook jellegoed aan as manskap van demmet se korrasie. Ekke prospek jelle as lous wat nie dat gewente hat om te lê-retreer. Haitsê, ekke segge voor ulieden dat deeske bloed sal loop sos die stroom van Grootrivier. Jaa, dat ees so. Hou jelle se tabernakels dan toggies mar rietskraal wanner dat steenroer se spoegsel-goed oer oens lê-soeit. Dat Koranna-goed op doerdie oerkantse huiwel hat alte seer bowehand sy-goed se kerfstok lê-mik. Dat konwiek! Dat ketter! Dat Koranna-goed mot op deeske hyglike dag die moord lê-steek. Oens sal hom mors. Na deeske hyglike dag der dagen sal helle dool oer die aardbodem sos die nardoejakkals. Jaa, dat ees so. Oens bevond oens nou en die vanghok van dat onsekerheid. Mar vandag syn dag oens an oens allen gaan dat vonke lat lê-spat, niet mot dat tong-goed mar mot dat braaksel van dat steenroer. Oens gaan oender helle se lyf inspreng en oens gaan lê-trommelslaan op die smoelkant van dat Koranna. Oens sal helle se sop lat spat en helle se boeskreut sal oens se boeskreut word. Manskap, seug deugdelik aan dat steenroer van jelle alvoor jelle lê-losbrand. Ja, deeske awend as dat son lê-vleug vir die nag, sal oens op dat swetters se aswerf lê-vuurmaak. Oens sal die dwaalbosrook in dat Koranna-goed se oog lê-blaas.

„Manskap, ek lê-spraak oeit myn voorbors. Dat deuwelse Koranna hat galê-koers hierwaarts an doerwaarts na die bosigheid an nou helle sal lê-smoor by oens an dan helle sal lê-dood by oens Grikwa-goed. Tjarrie helle sal nie meer drenk. Dwaalbos helle sal nie meer seug. Helle gaan by

oens mors word. Oens gaan moker breekhand oender helle. Ees dat Koranna-goed nie die oenderhand van oens an wy allen? Vuur breukskoot, manskap! Oens mot helle koeskas skoot! Jaa, dat ees so. Ek hat gespraak!"

„Aitsê, kaptein," laat Freek Brountjies hom hoor, „dat ees seer veel die waardaggeit se woord wat jê daar gesprook hat. Ekke wat Freek Brountjies ees, hat nou boosaardig gekwaad. Oens gaan waardigagtag dat Koranna breekgoed. Hy sal die weereld doerwaarts lê-skoer. Jaa, dat ees so!"

Op die oorkantse rant is onder die Korannas min of meer dieselfde toneeltjie afgespeel as hier onder hul teenstanders, die Grikwas. 'n Minuut nadat Freek sy sê gesê het, slaan daar 'n rookdamp uit in die Koranna-vesting.

„Koes, broeders, koes! Kremp dat postuur van jelle rietskraal oenerkant doerdie rots!" kommandeer Soup.

Soup het nog nie klaar gepraat nie, toe al die Grikwa-krygsmanne veilig agter groot rotsblokke koggelmanderplat lê. Hul skuilplekke was heeltemal uit die gesig van die vyand en nadat die Grikwas 'n paar skote gelos het, het die Korannas op die oorkantse rant 'n soortgelyke posisie ingeneem. Die beste skut met die beste moderne vuurwapen sou daar nie in geslaag het om 'n treffer aan te teken nie, want die koeëls sou almal „ge-oer" het. Met die vuurmonde in die lug gekorrel, maar darem in die rigting van die Korannas, het daar sarsie op sarsie gevolg. In die geledere van die Korannas het dieselfde gebeur. Die rante het weergalm van die plofskote en dik rookwolke het uit die bekke van die steenroers

opgestyg. Die kruitrook het die oorlogvoerendes laat hoes en proes. Nadat die „geveg" ure-lank geduur het, laat Faans Wykman hom hoor:

„Haitsé, dat Koranna hat nog nie galeer skoot. Dat koeëls ees galê-koert. Dat Sem ees gan skot. Oens lood ees galê-oer!"

„Manskap, lat oens helle die loodpil geef!" beveel Soup met 'n bulderstem. „Suig dood aan dat steenroer!" Toe neem die geveg toe in woede en die gebulder van die vuurmonde kon myle ver gehoor word. Die peilskote het egter 'n paar van die vuurvreters onder beide die Grikwas en Korannas begin verveel en hulle het onderskeidelik nader na die posisie van die vyand gesluip. 'n Paar loodkoeëls plof neer in die nabyheid van die Grikwas. Dit was darem te veel vir die dapperes.

„Nou aanskou dan nou," sê Hans Donskop, „doerdie Korannamenske ees darram oenverskuldagga menske. Helle koes an man dalk altemet-meksien lê-breekmaak hier. Lat oens troei-staan, broeders!"

Ook het die voorste linie van die Grikwas 'n paar loodkoeëls in die stelling van die Korannas besorg, en ook hulle het dit raadsaam geag om „troei" te staan. Dit was nou al laat in die middag en onderling — nee, minsaam — is daar ooreengekom om die vyandelikhede vir die nag te staak.

Vroeg die volgende more was die twee opponerende strydmagte weer in hul posisies en die steenroers het andermaal die stilte met hul gebabbel verbreek. Die doodsuiers het geklets dat dit 'n aardigheid was — die Grikwa met 'n gehaitsé, en die Koranna met 'n geklik-klak van die tong in die verhemelte. Tussen die twee

„borswerings” was ’n moerassige vlei, en ’n paar Koranna-perde het afgedwaal en aan die malsige grassies daar gaan peusel. Die perde stap weiwei in die rigting van die vyand, en dit het die eienaars nie aangestaan nie, maar om hulle daar te gaan haal, was ’n rapsie te veel gewaag. Om sommer goedsmoeds in te stap onder skoot van die Grikwa se steenroer! Maar die klein jong is mos klein en die Grikwa sal hom mos nie so liggies in die loergate kry nie. ’n Korannatjie het dan ook op bevel van sy tata in die rigting van die perde gedraf, maar die vyand het hom wel opgemerk. ’n Paar Grikwas sluip nader en toe die perdewagtertjie by die perde kom, laat ’n steenroer hom hoor en die klein jong syg dood neer. Kragtig, dink die Korannas, daardie Grikwas is gevaarlike skuts en sonder meer slaan hulle voet in die wind en gaan skuiling soek in die rante op Abrahamskraal naby die Rietrivier.

Daar het ’n groot gejuig in die geledere van die Grikwa-dapperes opgegaan en die een kon die ander nie genoeg beduie hoe hy die Koranna-goed ingepeper het nie. Waar is die nasie nou op die hele aardbodem wat teen ’n Grikwa kan veg? Laat hom kom! Hulle sal graag met die steenroer in die hand met hom kennis wil maak! Haitsê, nee, die Grikwa is ’n man van koerasie! Met vlieënde vaandels en met sarsie op sarsie loskruitskote het hulle hul stat genader, en hulle is uitbundig verwelkom. Toe moes die vrouens-goed hoor onder watter onverskrokke beskermende vleuels hulle skuiling gesoek het.

Maar daardie aand het die vrou-goed van die Korannas hul mans so sleg gesê dat die hele

Rietrivier se water hulle nie kon afwas nie, en teen wil en dank is die krygers die volgende more terug na Skietmekaar se rante. Die Grikwa-volkies was daardie more ook vroeg uit die karos en hulle het koers gevat na Abrahamskraal om die Korannas morskant-toe uit te delg. Hulle klim 'n rant uit van die suidekant op dieselfde oomblik toe die Korannas die rant van die noordekant bestyg. Die een kommandotjie het van die ander geen sout of water geweet nie, en bo-op die rant sien hulle mekaar van aangesig tot aangesig. Die afstand wat die twee linies geskei het, was baie, baie klein. 'n Oomblikkie kyk hulle mekaar verbysterd waterpas in die oë, en toe was daar 'n geskree, 'n angs-gegil en noodkrete wat wie-weet-waar gehoor kon word. Nog nooit tevore is in Rietrivier se wêreld so 'n bombarie gehoor nie. Die Grikwas vlieg kortom met die aangesig na die Suide. Die Korannas ook, maar met die aangesig na die Noorde.

Maar die Grikwas was darem nie mense wat steenroers vir spek en boontjies gedra het nie. Nee, O, nee. Op die oorhaastige vlug het hulle die steenroer oor die skouer gegooi, met die bek na Rietrivier gekeer en skoot op skoot is gelos sonder om korrel te vat. Daar was mos nie tyd om om te kyk en dood te suig nie. Daar was nietemin een ongeval. Moos, 'n basterjong, is dodelik in die nek deur 'n steenroerkoeël getref.

Ná die „bloedige veldslae" is die vrede herstel deur Michiel A. Oberholzer. Hy het onmiddellik ná die „smouls" by die fonteine op Skietmekaar gaan woon — daar waar mnr. M. A. Oberholzer (Oom Jorsie), sy kleinseun, vandag nog woon.

Op Skietmekaar het die Grikwas en Korannas na mekaar geskiet. Vandaar die naam.

(Feite aan die skrywer meegedeel deur mnr. M. A. Oberholzer van Skietmekaar, Fauresmith.)

## VII.

## DAT DIEPSTE MEUSGAT IN

Op 23 Februarie 1854 is 'n konvensie op Bloemfontein geteken deur sir George Grey en lede van die „vriendskaplik gesindes" waardeur die onafhanklikheid van die Oranje-Vrystaat gewaarborg is. Die grondgebied van die Oranje-Vrystaat het gestrek van die Oranjerivier tot aan die Vaalrivier en het die Grikwa-gronde ingesluit.

Daar het 'n groot mate van opgewondenheid en ontevredenheid in die Grikwa-geledere ontstaan toe dit bekend word dat die Engelse hulle gaan terugtrek uit die Vrystaat. Wat nou van die bondgenootskap? Wat van die vervreemdbare gronde? wou die Grikwas weet. Hulle was net erg gebelgd oor die handelwyse van sir George. Nee, so moes sir Jors darem nie gemaak het nie. Hy laat 'n man dan sommer so goedsmoeds in die steek, nou dat 'n man begin lekker lewe en die drankwaens van die pag sommer so nou en dan oor die Grootrivier kom. Nee, sir Jors het regtig nie mooi gemaak nie! So het die Grikwa-broers en ousus-goed geredeneer.

Op sy terugreis na Kaapland sou sir George nietemin vir Adam Kok en sy raadsmanne op Philippolis ontmoet en aan hulle verduidelik dat die Vrystaat niks werd is nie — nee, dis net goed

vir springbokke en ander wild en ongedierte. 'n Ideale jagveld ja, maar vir 'n mens om daar te woon! Nee, daar kan geen ordentlike mens 'n bestaan maak nie, en buitendien steek sy Majesteit se troepe die hand diep in die skatkis. Dis onbekend of sir George Grey aan sy Grikwa-bondgenote verduidelik het dat sir George Cathcart in Desember 1852 deur 'n krygslis van Mosjes 'n Britse afdeling in 'n hinderlaag laat lok en gevoelige verliese laat ly het; dat Mosjes toe vrede gevra het en dat die Engelse generaal, wat in sy hoofkwartier te Platberg was, maar alte gretig was om die hand van vrede en vriendskap aan Mosjes te reik; dat, toe die berig van die Engelse nederlaag die Britse regering bereik, daar sonder meer besluit is om die Britse troepe terug te trek uit die Oranje-Vrystaat; dat sir George Grey toe as spesiale kommissaris uitgestuur is om die Boere te versoek om die bestuur van die land oor te neem; dat die Boereverteenwoordigers die kommissaris daarop gewys het dat die Brit sy kop in 'n byenes gesteek het en nou dat die bye hom toegetakel het, neem hy die spat oor die Grootrivier; dat die Brit darem tog eers die mag van Mosjes moes gebreek en dan die landsbestuur aan die Boer oorhandig het; dat sir George Grey dowe ore gehad het vir die redenering van die Boere; dat hy die konvensie geteken het, die beuel laat blaas en met sy troepe-mag in die wapad geval het.

Of sir George alles so haarfyn aan sy bondgenote, die Grikwas, verduidelik het, is onbekend. Hy het hulle nietemin op 'n vergadering, waarop onder andere teenwoordig was: M. A. Oberholzer,

Gert Visser en Charlie Hutton, bekend gestel dat die bondgenootskap gaan beëindig word.

„Haitsêêê nou, seur Jors, mar waar an hoe vend oens Grikwa-goed an anner bondskap?" wou 'n Grikwa-raadsman van Adam Kok weet.

„Es oens an allen dan nou die oenderhand van dat Boer?" vra 'n tweede.

„Wat die bondgenootskap betref, dié gaan beëindig word," antwoord sir George Grey. „Vir daardie vervreemdbare gronde sal ek julle 'n goeie som geld betaal, en binnekort is jul beursies styf gevul met riksdaalders. Nou gee ek julle tyd tot vanaand om nege-uur om te besluit."

Die Grikwa-raad het onder 'n beduiery en gesnater opsy gegaan en daar is raad gehou. Daar is gewik en geweeg . . . die hele middag en die hele aand. Daar is geredeneer, geklaag, geween en gehaitsê. 'n Voorraad versterkkruie het hulle van die rooibaadjies afgebedel en toe raak die tonge los, maar tot 'n besluit kon hulle nie geraak nie. Dis op slag van nege en sir George stuur 'n bode om te verneem of hy sy beursie in die tussentyd moes oopmaak om 'n stroompie riksdaalders in die Grikwa se hand te stort as vergoeding vir die vervreemdbare gronde.

'n Afvaardiging van die raad gaan om 'n onderhoud met sir George te hê. „Haitsê, seur Jors," praat die woordvoerder, „Haitsê oens an jelle ou Kwien se smaaksel, tgee oens dan toggies mot dat heilagste samblief gelegengeit tot meddernag, seur Jors. Das een enbors-saak, een weegdige hart-saak, seur Jors! Haitsê, seur George, oens hat galê-in daskoers en galê-oeit daskoers. Oens

hat galê-herwaarts en galê-doerwaarts, mar oens bly vertoef by dat neukhand se kant!"

Dit was eindelik middernag, en nog kon die Grikwa-raad nie besluit of hulle die vervreemdbare gronde aan sir George sou afstaan vir 'n aansienlike bedrag (aansienlik in hul oë), betaalbaar in riksdaalders nie. Doodmoeg het die raadsmanne onder hul karosse ingekruip nadat hulle eenparig ooreengekom het om die bespreking die volgende more voort te sit. Toe die onsigbare sonstrale die Ooste karmosyn-kleurig begin tint, was die lede van die Grikwa-raad nog styf in die forse arms van Morpheus omklem, maar nie sir George nie. Die perde staan opgesaal en die waens ingespan. Toe blaas die beuel en die rooibaadjies en „kiepkoords" vertrek haastig in die rigting van die pont oor die Oranjerivier. Toe die lede van die raad heeltemal nugter was en die oë deeglik uitgevryf het, het die stofwolk deur die marsjerende troepemag veroorsaak, al 'n hele paar myl van die Grikwastat af opgedamp. Haastig is daar raad gehou en Hendrik Hendrikse sê:

„Haitsê, swaer Adam, laat haal dat perde an laat oens dat Ingelsman lê-in voor an aleer hy die Grootrivier lê-oer, want as hy eers dat rivier ge-oer hat, ees hy dat allerdiepste meusgat in!"
Almal het die raad van Hendrik Hendrikse goed gevind. Die perde is opgesaal en in 'n streep stof het die raadsmanne van Adam Kok in volle vaart sir George agterna gejaag. Hulle was te laat. Sir George het al vaste voet neergesit aan die oorkantse wal. Met die kous op die kop het hulle na Philippolis teruggekeer.

Daar het Charlie Hutton hulle met 'n spotlaggie ingewag. Hy het die teleurgestelde raadsmanne ernstig staan en betrag en toe sê hy:

„Sien julle nou, kêrels, wat van wysneuse word? As julle na my geluister en die geld vir die vervreemdbare gronde geneem het, dan was julle nou skatryk mense en dan kon julle nog 'n paar vrouens bygevat het!"

Een van die raadsmanne het hom bloedig vir Hutton vererg en hy bulder:

„Haitséééé! Sies vir jou-goed, Tjarlie Hetten! Jy hat sommar galê-smouls. Jy ees lou-goed se oenderbraaksels! Jy ees konwiek, Hetten! Oens sal voor oens-goed nie deur jou an dat oor lat lê-sleep! Dennamiet, Hetten! Voor hoekom an voor waarom ees jeee so oorrag? Das jy galê-nat oens se asplek. Oens sal voor jou lê-in dat seekoerib! Oens sal voor jou-goed se stert lê-af, want oens ees nie aanskoulik in jou oog an jy ees gans nie seer aanskoulik in oens se oog. Jy ees alte voorpostag, Tjarlie! Oeitskei nou, jou smoulsgoed! Das hoeka se denge oer wat jy lê-smeul. Denmiet, as jy-goed aanstreuk om te lê-neuk, oens sal jou katswenk-draf. Oens sal jou morskant! Jy sal dood by oens!"

„Stel, broeder Aderjan, ekke sal sprak an wyse spraak," laat een van die verstandige raadsmanne hom hoor onderwyl Charlie Hutton hom aan die gebelgde en veglustige geselskap onttrek. „Stel, broeder Aderjan! My komt de wraak niet toe, hat Eerwaarde mos altoos splaneer. Oens sal dat toentel se vuur op sy-goed se hoof stort. An dan sal hy wat Hetten-goed ees, brand sos die h..l! Stel, broeder, stel! Doerdie seur Jors hat boven-

kant sy kerfstok galê-loer an nou die Here lê-loer voor hem an voor Tjarlie Hetten. Tries ulieden mar, myn broeders. Al ees oens die oenderhand van dat Boer, oens hat nog seer veel eens dat tsjarrie an dat dwaalbos. An wanneer seur pag (dranksmous) oeitdeuk, dan meng oens nogmaal dat versterkkreu mot dat dwaalbos. Haitsê, dat lyfskrikmaak. Jaa, dat ees so, myn besten!"

„Aitsé, dat ees sos broeder raadsman hom voorbors oeitgesprok hat!" laat Arend Bukkies hom hoor. „Aitsééé, oens an wy allen sal nogeens aan dat druivestok melk! Dan treval oens heupel-kreupel na doerwaarts. Dat sal alle krostaggeit plat stryk. Laat seur Jors an dat rooibaadjie an dat kiepkoord die weereld maar lê-skoer. Oens drenk dat tsjarrie an lê-mieksop dat versterkkrui mot dat dwaalbos. Ees dat nie een begryplikheid, broeders?"

Ja, dit was 'n „begryplikheid" en dit was 'n „wyse spraak", wat die stemming van die hele gemeenskap in 'n ander rigting gestuur het. Daar is nietemin dae lank getreur oor die beursvol riksdaalders wat baie ankertjies kruie-water en snoepgoed vir die kleingoed in die huis kon besorg het. Nie alleen was die Grikwa die riks-daalders kwyt nie, maar die vervreemdbare gronde het ook in besit van die Boer gekom en naderhand was al die Grikwa-gronde die „diepste meusgat in".

OPMERKING: *Charlie Hutton* (Oom Charlie, soos die Boere hom in die algemeen genoem het) het as handelaar na die Vrystaat gekom en hoofsaaklik sake gedoen met die Grikwas, Koran-nas en Britse troepe. Hy het skatryk geword.

Later is hy deur die Volksraad aangestel as landdros.

*Hendrik Hendrikse,* 'n Grikwa, was die Boere goedgesind. Eenmaal is die Boere deur die Engelse en Grikwas daarvan beskuldig dat hulle die kleurlinge wreed behandel. Hendrik Hendrikse het met bewyse voor die dag gekom dat die beskuldiginge vals was. Hy was 'n afgeleefde ou skepsel toe hy voor die strafhof getuienis moes aflê. Om sy verstandelike vermoë te toets, het die regter 'n goue pond aan hom getoon en gevra of hy weet wat dit is. „Ja, seur," antwoord hy, „das an goue pond." „Steek dit dan maar in jou sak," sê die regter. Hendrik Hendrikse is op staatskoste begrawe.


## VIII.

## KOERAD DOMKRAG EN HENDRIK EKSPRES

Dié twee oues van dae, Koerad Domkrag en Hendrik Ekspres, was tot onlangs twee Grikwa-Koranna-figuurtjies in die strate van Boshof . . . daardie strate wat hulle omtrent elke dag deur- en oorkruis het sedert die eerste Witman die fondament van 'n huisie daar gelê het, vroeg in die jare veertig.

Die ouderdom van ou Koerad het ek in 1938 by benadering vasgestel op 120 jaar, maar daarby kan met taamlike sekerheid nog 'n paar jaar gevoeg word, soos uit die relaas hieronder sal blyk.

Om 'n begrip te kry van die toestand in die algemeen, is dit wenslik om die geskiedenis van



*Kruithuisie op Jacobsdal.*

Boshof in hooftrekke na te spoor. Die eerste blanke immigrante wat hulle metterwoon gaan vestig het in die streek tussen die onder-Modderrivier en Vaalrivier, was David S. Fourie, met sy twee skoonseuns Gert Petrus Jacobs en Johannes Petrus van Zyl, en hul gesinne. Hulle het in Julie 1839 in daardie geweste aangekom en besitters geword, deur koop en ruil, van 'n oppervlakte van nagenoeg 80 myl by 90 myl. Die plaas Vanwyksvlei (die teenswoordige dorp Boshof) het hulle in dieselfde jaar van David Danster geruil vir 'n ryperd Nugter. Die eerste woonhuis is daar gebou deur G. Jacobs, dog eers in die jaar 1855 is die gemeente Boshof gestig. In 1858, toe baie van die Boshoffers na die toneel van oorlog met Mosjes opgekommandeer was, het Skeelkoos, wat sedert die grondverdeling vroeg in die vyftiger jare 'n geheime wrok teen die Boere in die hart gedra het, die Boshofse ingeval, geroof, geplunder en gemoor. Die gevolg van sy strooptogte was egter dat hy in die walle van die Vaalrivier die nekslag gekry het.

* * *

Ou Koerad en Hendrik is twee Grikwa-Korannas wat die egte geklik-klak nog suiwer bewaar het, en dis 'n aardigheid om die geklik soos kleingeweervuur uit hul tandelose monde te hoor wanneer hulle aangevuur word om oor van hoekase-dae te gesels. Ou Koerad skyn nog van die versigtige ou volk te wees. Hy is die Afrikaanse taal magtig, maar sal nie op 'n vraag antwoord voordat dit deur ou Hendrik in sy eie taal herhaal is nie. Dan volg daar weer 'n sarsie van die klik-klak . . . en dan raak die tong los en hy dis

honderd-en-een insidente op uit „vanslewe se dae”.

Gevra of hy David Danster geken het, antwoord ou Koerad geredelik „Dawid Danster? Tjêk! Dawid Danster het doer by daardie koppie gewoon. (Omtrent ’n myl uit die dorp). Ons het saamgeloop. Toe was ek mos grootman. Nee, ek het nie die vrou gehad nie. Ons Korannas trou eers as ons domkrag (grootman) is. Baas Frie? Toe baas Frie hier kom uitspan, was ek domkrag. Hendrik was nog niks, toe was ek domkrag.”

Gevra of hy al domkrag was toe die Boere en Engelse op Boomplaats (1848) gebaklei het, raak ou Koerad se tong regtig los.

„Domkrag? Tjêk, ek was domkrag. Ek het vrou gehad en ek het drie kinders gehad,” en sy handjie staan vertikaal, glo om te beduie hoe groot sy oudste kind was. Hy kry ’n glimlag op die gerimpelde gelaat. „Boomplaas? Die rooibaadjies, die kiepkoorde (Cape Corps) en die Draaghoenders! Tjêk, tjêk, tjêêê!”

„Het jy ook vir Skeelkoos geken, ou Koerad?” wou ek weet.

„Skeelkoos, Koos Konsop? Tjêk, tjêk, tjêêê! Skeelkoos was sommer die Boesman daar by die rivier. Mmmm, ek het Skeelkoos geken. Skeelkoos het vir my ta-ta kom kuier. My ta-ta het vir Skeelkoos gaan kuier. Toe was ek domkrag. Baas Gierjon Joubert het vir Skeelkoos vrek gemaak doer by die rivier.”

Ou Koerad het nog die een en ander te vertel gehad oor die tydperk voor die Groot Trek in hierdie geweste, maar die ruimte ontbreek om verder die ou skepsel se gesprek te volg. Liewer gaan ons sy ouderdom probeer vasstel.

Hy het David Danster geken en toe baas Fourie Vanwyksvlei geruil het, was hy al domkrag. As uitgangspunt neem ons 1839 en as ons veronderstel dat ou Koerad toe 25 jaar oud was dan het die ou nou die dag sy honderd-vier-en-twintigste verjaardag gevier. Maar laat ons nie oordrywend wees nie en veronderstel dat hy die jaar van onderskeiding bereik het op een-en-twintigjarige leeftyd, d.i. in 1839. Dan stel ons sy ouderdom vas op 121 jaar. Maar ons mag nie uit die oog verloor dat hy al domkrag was toe Danster die septer in die teenswoordige distrik geswaai het nie. En dan was hy in 1848 die vader van drie kinders. 'n Koranna trou nie gou nie, altans nie voor sy vyf-en-twintigste jaar nie, soos ou Hendrik verseker. Laat ons aanneem dat hy op hierdie leeftyd getroud is en dat sy oudste kind in 1848 vyf jaar oud was. Dan kom sy ouderdom ook te staan op min of meer 121 jaar. Dit is, in 1848 was hy ses jaar getroud en dus 31 jaar oud. Maar ou Koerad kon ook ouer as 25 jaar gewees het toe hy vrou gevat het!

Ou Hendrik se ouderdom het ek vasgestel op naby die honderd jaar en dit het nie moeilik gegaan nie. Hy het saam met sekere boereseuns gespeel en perde opgepas. Hulle was portuur en daardie seuns sou vandag tussen 94 en 96 jaar oud gewees het as hulle nog geleef het. Dié ou jong sien daar nog kranig uit. 'n Mens sou hom nie ouer skat as tussen die 75 en 80 jaar nie. Hy kan baie interessante staaltjies opdis uit die ou tyd.

„Ek het Boshof geken toe hier nog maar net 'n paar huise was, my Basie," vertel ou Hendrik. „David Danster was my oupa. Ek het Skeelkoos

ook goed geken en onthou nog goed toe die Boesmans by Prisonierskoppie doodgeskiet is. Hulle was aanmekaar gebind en het in rye hier deur die dorp geloop Bloemfontein-toe. Hulle moes daar voor die juts kom. Maar hier buitekant die dorp het die boere hulle op 'n klomp doodgeskiet. . . . Ek het die „ekspres" (regeringstukke of dokumente) Bloemfontein-toe gery en aan baas Raaff (hoofbalju van die Vrystaat) afgegee en ander briewe teruggebring Boshof-toe. My ryperd se naam was Breytenbach en hy was die ramste perd wat nog ooit in die ou Vrystaat krom-kop geloop het. Basie vra waarom was sy naam dan Breytenbach? Basie sien, Breytenbach was die grootste bees- en perdedief in die ou Transvaal. Hy het weer een dag 'n trop beeste gesteel en toe vang ons hom hier in Boshof en sluit hom in die tronk toe. Sy perd het in die skut gekom en toe koop die langeros hom vir die ekspres.

„My pa was ou Frits. Hy was konstabel en het ook die bandiete opgepas. Maar *ek* was die ekspres-ryer, my Basie. Ja, vir predikant Brandt het ek geken. Hy was kwaai en ons was bang vir hom, maar die boere het hom uitgeskop en toe trap hy die bos oor die seewater na sy eie mense toe. Ons was ook bang vir die skoolmeester, baas Boonzaier. Hy kon lekker weglê met die lat onder die Duisvolkies."

Ou Hendrik beskik oor 'n wonderlik gesonde geheue. Hy kan by voorbeeld al die landdroste van Boshof in die regte volgorde opnoem, asook die predikante. En van hulle kan hy baie interessante feite meedeel.

## IX.

## ’N GRIKWA-VERKIESING

Vroeg in die jare twintig van die negentiende eeu het Jack O’Connor en Hendrik van Braakveld, twee togryers, of smouse of „pagte”, soos die Grikwas die drankhandelaars soms genoem het, hul waens ingespan waar Kimberley vandag lê en in die rigting van die Vaalrivier getrek. Hulle het die spoor van Koos Bronkman gevat, ’n opperste skelm wat in die ou Kolonie al baie kerfies van die gereg op sy stok gekry het. Koos Bronkman het hoofsaaklik gespesialiseer in smokkelhandel en sy koopware het bestaan uit voorlaaiers, kruit en, les bes, brandewyn.

Die spore van Bronkman se waens het diep deur die riviersand gesny en sy kollegas, O’Connor en Braakveld, het ook die rivier oorgesteek. Ongeveer ’n myl of tien onderkant die sameloop van die Vaal en die Harts het hulle op ’n grusame toneel afgekom . . . ’n uitgemoorde Grikwa-nedersetting met die bloedspore nog vars. Koos Bronkman se spoor het in oostelike rigting gegaan.

Om by die oorsprong te begin: Die betrokke Grikwa-nedersetting het omstreeks die jaar 1815 aan die regteroewer van die Vaal verrys. Aan die begin kon die gemeenskap op nie meer as ’n twintigtal weerbare manne roem nie, dog in die bestek van ’n dekade het dié getal aangegroei tot ongeveer ’n tweehonderd man, buiten die

vroue en kinders. Hulle was almal uitgewekenes, of soos hul hoofman Rooi Aderjan met 'n beker heuningbier gespog het:

„Oens en wy allen bevind oens en jelle-goed nou in an allervreemdste weereld, want oens en wy allen het mos vir die wet van dat land galê-week en herwaarts galê-koers!"

Die gereg het 'n skerp oog gehou op Rooi Aderjan en sy trawante en ná die gruwelike moorde en die menigvuldige diefstalle wat op die grense van die beskawing gepleeg is en die vrugtelose pogings wat aangewend is om die misdadigers agter slot en grendel te plaas, is Rooi Aderjan en sy luitenante voëlvry verklaar. Die tyding dat hy met sy gevolg en hul vrou-goed en kleingoed na onbekende geweste, diep die woesteny in, verhuis het, is deur die owerheid en trekboer met dankbaarheid verneem.

Daar is vandag van Grikwashoop niks meer te sien nie. Moontlik, as die navorser presies weet waar die aanleg van pondokke was, sal hy tussen en onder die struikgewas so hier en daar 'n hopie klippe of die fondament van 'n pondokkie of die aanduiding van 'n ashoop aantref. Of waarskynlik sal hy op 'n oop terrein in die bos 'n hoop klippe kan opspoor . . . . dis die graf van Rooi Aderjan, wat op so 'n onsmaaklike wyse die tydelike met die ewige verwissel het.

Onder 'n kareeboom op 'n paar honderd tree afstand van die voormalige Grikwastat het O'Connor en Van Braakveld 'n deur wonde uitgeputte Grikwa aangetref en uit sy mond het hulle verneem van die tragedie wat die vorige middag daar afgespeel is.

Uit sy relaas blyk dat die sonnetjie twee middae tevore al begin water trek het toe 'n paar opgeskote bokwagtertjies die gehuggie binnestorm met die yslike tyding dat 'n tier besig was om dood en verderf te saai onder die Grikwas se veetjies. Aitsê, so moet die bontkat darem nie lê-mouls nie. A-nee-a, hy-goed moet gerabraak word.

En Rooi Aderjan, vergesel van sy dappere luitenante Piet Pronk en Hans Uithaler en 'n stuk of veertig uitgelese manskappe, almal tot die tande gewapen met voorlaaier en jagmes, het luidrugtig die bos ingestorm. Hulle wou darem nie sommerso voorbarig met die bontkat gaan kennis maak nie, vandaar die hoorbare opgewondenheid. Die bontkat het hom oënskynlik nie veel aan die lawaaierige gedaantes gesteur nie. Knorrend het hy die malsige vleis van 'n jong bokkie lê en verorber. Die manskappe word in twee klompe verdeel, die een onder aanvoering van Piet Pronk en die ander onder Hans Uithaler. Maar voordat die daadwerklike offensief begin, word eers deur die hoofman 'n rou riem styf vasgeknoop onder die „dapperes" se harte. Hy Rooi Aderjan, die onverskrokke aanvoerder, besit koerasie tot oorlopens toe.

„Aitsêêe, nou myne broeders", laat Rooi Aderjan hom hoor, „hierwaarts hat wy an oens-goed nou op dese dag galê-koers na die benoudheid se oorde. Ekke prospekteer jelle-goed allen soos deftige helde wat korrasie in uwe allerbinneste lê-hat beset. Die hoop lê-beskaam nie en die meeste van alles is de liefde, soos Eerwaarde oens an jelle-goed altoos doer in die ou Kolonie-weereld lê-wysmaak hat. Nou jy, Piet Pronk-goed, jy lê-omsengel

dat bos by die hotkant! An jy, Hans Uithaler-goed, jy lê-baktrek haar-om se koers. Jelle-liede se opperste hoofman sal doerdie kameelboom lê-bestyg. As ekke die dierasie van die bontkat loeroog en ekke oënskou hom oeit, dan lê-gee ekke die woord ‚Vuuuur!' an dan op doerdie ogenblek moet jelle-liede an oens-liede lê-doodsuig agter sy-goed se lenkerblad an lê-losbrand!"

Rooi Aderjan het ook nouliks die hoogste en veiligste tak, soos hy gemeen het, bereik, toe die tier die struikgewas verlaat en laat nael na die kameeldoringboom waarop die hoofman troon. Vir doodsuig was daar geen tyd nie, maar daar was veertig oorverdowende ontploffings uit veertig voorlaaiers; en nog voordat die digte rookdamp wat die statige ou kameeldoringreus omhul, deur 'n sagte windjie opgeklaar was, het die veertig dapperes met Piet Pronk en Hans Uithaler aan die spits veilig agter hul rookskerms gesit en aitsê. Net Rooi Aderjan en die bontkat het makeer. Dat die veertig helde „korrasie" aan die dag gelê het, bewys die merkbare tekens aan arms en bene. Party het selfs bloed uitgeproes. Elkeen beduie hoe die tier sy naels in sy brose liggaam vasgeslaan het. Nie een het met 'n wag-'n-bietjie of 'n haak-en-steek in aanraking gekom nie!

Daar is vergadering gehou, beduie en gehaitsê, en eenparig is daar besluit dat die lewe te kosbaar is om dit in die aandskemering op die waagskaal te gaan lê. Rooi Aderjan is mos nie 'n man wat hom sommerso deur 'n bontkat sal laat uitoorlê nie.

So het dit dan geskied dat die hele krygsmag van nagenoeg tweehonderd man die anderdagmore uit Grikwashoop getrek het om na die vermiste hoofman te soek. Hulle het hom gevind op dieselfde tak waarop hy die vorige middag soos die koning van die kreupelwoud getroon het, met dié verskil egter dat hy nou gehang het met sy nek stewig ingewig in die mik van die tak.

„Haitsêêê, vrienden," laat Piet Pronk hom hoor, „dié Rooi Aderjan is darram aan man mot aan seekoei-nek. Waar dat nek lê-in, daar lê-oeit hy-goed nooits te nimmer. Ver wou oens an jelle-goed se hoofman na benede galê-koers hat, maar dat mik was te nou vir sy-goed se hoofskedel. Dat mik hat oens se hoofman galênoustrop!"

Die treurende krygsmanne is met die oorskot van hul hoofman huis-toe. Maar dié van hulle wat met 'n greintjie opmerkingsgawe bedeeld was, kon onmiskenbaar vasstel dat Piet Pronk en Hans Uithaler hul bakwerk pronkerig en uithalerig begin hou en so onderlangs venynig na mekaar loer. Want daar moes mos eleksie gehou word om 'n leidsman te kies in die plek van oorlede Rooi Aderjan. En wie is dan geskikter as hy, Piet Pronk? Nee, as hy, Hans Uithaler?

Toe die stoet met die ontsielde liggaam die pondokkies nader, word die stilte meteens verbreek deur 'n dowwe geknok-knak-knik en knetterende sweepslae hier anderkant die ruigtetjie. Nou, aitsê, maar dis wonderbaarlik. Wie kry dan besoekers hier in die wildernis? Smouse? Pagte? Nee, maar dit kan mos nie wees nie! Dis nou al amper twee jaar dat Rooi Aderjan se mense laas 'n

smous of 'n pag van aangesig tot aangesig gesien het. Maar dis vandag nie lappiessmouse nie. Toe die bedroefde helde die gehuggie tot op 'n paar honderd tree genader het, is die geheim van die vreemde verstoring opgelos. Hier duik drie waens met ontsaglike vate uit die struikgewas op. Piet Pronk was die eerste wat aan sy gevoelens lug gee.

„Hoeréééé! Hoerééééé!!" skree hy uit volle bors. „An nog an mal hoerée vir seur Koos Bronkman met sy lawaaiwater!"

„Hoeréééé!!" styg die juigkreet dawerend uit die dorstige kele van die hele gemeenskap, groot en klein. „Hoerééééé vir Koos Bronkman en sy vuurwater-goed! Hoeréééé vir die tiermelk van Koos Bronkman-goed!"

Koos Bronkman, die aartsskelm, was die oorsaak van die ondergang van 'n hele paar Grikwastamme. Op onverklaarbare wyse het hy nou die nuwe tuiste van Rooi Aderjan en sy aanhangers ontdek. 'n Gulhartige verwelkoming het hom te beurt geval. Piet Pronk en Hans Uithaler het met mekaar gewedywer met 'n „gehaitsê!" en 'n „ge-êtsi!" om die besoeker te laat voel hoe welkom hy eintlik was en wie die kapteinskap waardig was.

En die stoflike oorskot van Rooi Aderjan? Dié het nog daar in die brandende son gelê waar hulle dit laat val het toe die ronde vate soos seekoeie uit die kreupelhout te voorskyn kom. Wat se droefheid en getreur nog! Wat dood is, is dood, en die tiermelk van Koos Bronkman bo! Daar is gedrink, gejol en pret gemaak . . . oud en jonk, groot en klein, elkeen het sy regmatige

deel tot oorlopens toe gekry. En toe die sonderlinge vrolikheid sy toppunt bereik en almal ver genoeg deur die wingerd verdwaald geraak het, stap Piet Pronk waardig, hoewel onstatig en onvas op die bene, vorentoe. Hy lig sy hand op en die nat gemeente swyg 'n oomblikkie.

„Broederen, geliefde broederen en dierbare susteren!" roep hy met 'n diepbewoë stem. „Broederen en susteren, daar lê oens galiefde hoofman, Rooi Aderjan, vier steweltjies in die lug. An nou broederen an . . ."

„Hoerééé vir die tiermelk!" skree Arrie Donsies.

„Hoerééé vir Koos Bronkman an sy Kaapse lawaai!" bulder ou Frans Losskop.

„Nou, dan, broederen an geliefde susteren, wil ekke aan gylieden segge dat de tyd galê-aangebrook hat om an splinternuwe leidsman te lê-kies. Hier staan-lê ekke Piet Pronk an . . ."

„Een hier syn ekke, Hans Uithaler dat . . ."

„Hoeré vir Uithaler!"

„Drie hoerééésss vir Piet Pronk!"

„Doeisende vir seur Koos Bronkman!"

„Meljoene voor dat tiermelk!"

Hoe lank die luidrugtigheid nog sou geduur het as Koos Bronkman nie die leisels in die hand geneem het nie, kan niemand raai nie.

„Vriende! Vriende!" doen hy 'n beroep op die onstuimige vergadering, „dis nie reg van julle om fees te vier solank jul oorlede hoofman, wat julle deur diepe waters gelei het, daar in die gloeiende son lê en braai nie. Laat ons nou eers aanstaltes maak vir die plegtige teraardebestelling. Ek merk dat julle hier geen planke vir 'n doodkis het nie,

daarom wil ek 'n nuwe bont kombers vir dié geleentheid afstaan."

„Noeit! Noeit!" skree Hans Uithaler. „Sos noeit as te nemmer se ewigheid! Haitsê, an nuwe bont kombers vir Rooi Aderjan? Noeit!" En hy kyk uitdagend na die opposisie-kandidaat, Piet Pronk.

„In doerdie bont kombers sal Rooi Aderjan lê-roes, segge ekke. Ekke hat gesproke!" bulder Piet Pronk.

Toe begin die eleksie-toesprake, wat hoofsaaklik gaan oor die eindlot van die bont kombers, en Bronkman was magteloos om die stortvloed van woorde te demp.

„Broederen an susteren, spreken ek," begin Piet Pronk, „doer lê-braai oens geliefde leidsman sonder kombers in sy bont gelapte pak twaings. Heef hy-goed dat verdien, vragen ek gy-lieden? Moet hy sos an dier-goed in die gat galê-worp word? Oense seer geliefde hoofman." En bitterlik gaan Piet Pronk aan huile en die menigte ween saam met hom.

„Ek seggen voorwaardelik neen! In dat bont kombers sal Rooi Aderjan nie galê-in die graf!" laat Hans Uithaler hom soos 'n stoomfluit hoor. „Hat Rooi Aderjan altemet-miskien in sy kleding-goed of in sy kombers-goed galê-sterf? Wel ulieden hem sos an dier onder die kleute lê-voeter mot an kombers? Ek segge voor ulieden hem-goed lê-toesmyt . . ."

„Hoeréééé vir die bont kombers!" juig Klaas Doppies.

„Hoeréééé vir die tiermelk!" trompetteer Oerson Ougesig.

„Stem! Stem! Stem!" word daar nou van alle kante gehoor.

„Ekke lê-stem vir Piet Pronk!"

„Aitsê jy, jou mamma se sogling!" laat ou Katryn haar hoor. „Watse gogga se kend is jê miskien? Jou mamma wat sos an aapwyfie lyk! Sies vir jou! Ekke lê-stem mos sommer nou-nou vir Hansie Uithaler!"

„Katryn, jy-mens mot jou smoel lê-wegkoers van my kend-goed af! Hy hat nie smouls galêmaak sos jy-goed nie! Ekke sal doerdie Boesmanneus van jou lê-plat nôk! My kend-goed hat jou mos nie getampteer nie! " laat ou Kaatjie haar op haar beurt hoor.

„Wag, vriende, wag, laat staan nou eers die eleksie," probeer Koos Bronkman paai. „Laat ons besluit oor die bont kombers."

„Doerdie bont kombers bo!" roep die ondersteuners van Piet Pronk.

„Kgaa, sies vir die bont kombers! Tjies vir jelle-goed!" bombardeer die teenstanders van die ander kant.

„Orde! Orde! Vriende!" doen Koos Bronkman 'n smeek-beroep op die weerbarstige gehoor. „Die wat vir die bont kombers is, met die hande na bo. So, dankie! Nou die wat daarteen is, met die hande omhoog. Dankie, die bont kombers gaan graf-toe!"

„Skenk, seur Koos, lê-skenk voor dat bont kombers!"

Daar is weer geskink en gedrink tot satwordens toe en toe beveel Piet Pronk: „Grafwaarts! Herwaarts en derwaarts! Hierwaarts en doerwaarts! Voorwaarts!"

En daar marsjeer een van die sonderlingste begrafnisstoete wat seker nog ooit in Suid-Afrika gesien is. Piet Pronk was aan die spits soos 'n held wat segevierend van die oorlog terugkeer, en die bont kombers dien as vaandel wat hy lustig in die windjie laat wapper. Op sy hiele volg Koos Bronkman, Hans Uithaler, die draers en dan 'n wriemelende, wemelende warboel roudraers wat 'n oordeurborende bombarie opskop met bruilofsliedjies en 'n getwis oor die bont kombers en die eleksie wat nog nie op egte Grikwa-wyse uitgespook is nie. Toe hulle by die sogenaamde graf aankom, wat op bevel van Koos Bronkman vroeg daardie middag deur 'n aantal halfdronk klonkies drie voet diep gegrawe was, is die stoflike oorblyfsel van Rooi Aderjan onseremoniëel op 'n hopie grond geplaas.

„Dat mooi bont kombers mot nou bragtag saam mot oorlê ou Rooi Aderjan oender dese grond lê-vrot!" huil ou Klaas Doppies.

„Sweeg moet jou smoel-goed, Klaas Doppies! Jy-goed lê-hou mos die begrafnis op!" kommandeer Piet Pronk.

„Tjaag vir die bont kombers!" laat 'n ander een hom hoor.

Onplegtig word die lyk in die gat gelaat en Uithaler neem die woord:

„Broederen an susteren, an wy, an oens, an jelle-liederen . . ." begin hy.

„Jê lê-hou jê bakkies se bek, Uithaler, of die duiwel sal jou doer in die doringstryk agterstevoor lê-spoorvoel. Ekke is nou an die spreekwoord galê-kom!" snou Piet Pronk hom toe.

„Hoereéé vir Piet Pronk!"

„Kgaa vir Piet Pronk!”

„Bles vir die Kaapse blets!”

„Hoerê-é-é-é-é-é vir die bont kombers!” laat Klaas Doppies sy stem ver bo dié van die ander hoor.

Toe raak die twee partye in alle erns handgemeen, maar onmiddellike bloedvergieting is op taktvolle wyse deur Koos Bronkman afgeweer.

„Vriende, vriende,” soebat Bronkman, „ek skaam my oor jul oneerbiedigheid. Dink net wat oorlede Aderjan sou gedoen het as hy in lewende lywe hier teenwoordig was.”

„Hy-goed sou galê-oeitkreup hat oeit doerdie bont kombers!” antwoord Klaas Doppies sarkasties.

„Stel, Klaas Doppies, hat jy jou korrasie-goed lê-verloor?”

„Nee, my bont kombers, Piet Pronk!” laat Doppies hom gevat hoor.

„Hoede af, vriende!” sê Koos Bronkman en hy laat ’n paar trooswoorde volg. „Nou, vriende,” vervolg Bronkman, „kan ons huiswaarts keer om te sien of daar nog iets te drinke is.”

Onder ’n „Hoeré vir Koos Bronkman! Hoeré vir die tiermelk!” storm die dolle menigte op die drankwaens af. Daar is toe weer gedrink op die gesondheid van Koos Bronkman en op dié van oorlede Rooi Aderjan en op dié van die bont kombers deur Klaas Doppies.

Die kwessie van leierskap het toe weer onder bespreking gekom. Dit was uit die staanspoor duidelik dat Piet Pronk op die meerderheid kon staatmaak; daarenteen kon Hans Uithaler reken op al die jong meide se stemme. Albei partye het

met gereëlde tussenpose versterking gaan haal by die waens van Bronkman, en teen die middag laat was daar twee kampe wat in slagorde opgestel was. Daar is op korte afstand losgebrand met kruit en lood, en die slagting wat daar aangerig is, was onbeskryflik. Mans, vroue en kinders is by die tientalle afgemaai. Rooi het die son oor die bloedgedrenkte aarde ondergegaan, en toe die naggeluide op die sagte windjie aangesweef kom, was daar van die oorspronklike getal nie meer as 'n vyftig oor nie. Net hulle wat te vas omklem was in die arms van Bacchus, het die slagting ontkom. Toe die vol maan soos 'n vuurgloed agter die kameeldorings opduik, was daar net een stem wat hom op die toneel van die bloedbad laat hoor het:

„Hoeré, hoe-oe-oeréèé vir die bont kombers!"

Maar Koos Bronkman was toe al myle ver met sy drankwaens. Hy het dit veilig geag om die bloedige toneel vaarwel te sê met agterlating van 'n paar vate vuurwater. Tevergeefs sou iemand gesoek het na die geldskatte van Rooi Aderjan, wat hy deur al die jare op sy stroop- en smokkeltogte in die ou Kolonie en in die Transgarieb onwettig ingesamel het!

Klein geel dwergmannetjies het die toneel van die broedermoord van vroeg die middag af van 'n koppie doer in die Weste met doodse erns gadegeslaan, en toe die vol maan Grikwashoop bleek verlig, het hulle kom aas. Die laaste man-goed wat deur die gifpyl na onbekende oorde gestuur is, was Klaas Doppies. Met 'n „Hoeré vir die bont kombers!" het hy met 'n gifpyl deur die hart rustig aan die slaap geraak.



*Abraham du Plessis van Bethulie.*

# X.

## WAAR HY LÊ-HAT

Teen die einde van die jaar 1820 het Daantjie Dapperman en sy bende dapperes met hul vrougoed en kind-goed die Oranjerivier oorgesteek en hulle metterwoon gevestig op die linkeroewer van die Rietrivier, omtrent daar waar die Kraaipoort-besproeiingsdam vandag geleë is.

Dié Grikwastammetjie was teen wil en dank genoodsaak om die ou Kolonie die hakskeen te wys, daar die gros van die mansskepsels, en Daantjie Dapperman by uitstek, baie misdrywe op hul kerfstok gehad het. Toe die owerheid naarstig begin soek na die bende niksnutse, het hulle al hoog en droog in die vreemde gesit en loer-oog na die ou tuiste daar ver in die ou Kolonie. Daar is hutjies gebou vir die gesinne en klipkraaltjies gestapel vir die veetjies, wat bestaan het uit 'n klompie skapies, 'n klompie bokkies, 'n klompie basterdamara-besies en 'n stuk of twintig bossiekopponies.

Die Grikwa-gemeenskappie het 'n ideale lewe gevoer in die onbeskaafde streek. Een aand toe Daantjie Dapperman en sy trawante elkeen met 'n beker heuningbier in die hand sit, met die daggapyp neffens hulle, het die hoofman sy gemoed luidrugtig lug gegee.

„Nou an des darram wonnerlyk," sê Dapperman, „dat an mensekend sommar so an snaakse gavoelente lê-oeitbroei hier in jou binneste om te lê-oeitweek oeit dat beskaafde weereld an lê-peil na die oenbekende geweste. In an onbenulste

weereld het oens en jelle-goed galê-in an galê-aanland en nou segge ek ver jelle-liede op hierdie aardbodem waar oens wy nou bevind, moet oens galê-viervoet vasskop. Eerwaarde was darem sommar an gô-krestenmens om an mensekend te lê-afdweng om die vreemde geweste te lê-indommel!"

Op die oorhaastige vlug na die onbekende Noorde het 'n jong kwaggahingsie hom sommer goedsmoeds aangesluit by sy niggies en neefs, die perdegeslag van die Grikwastam. Hy het hom sonder meer tuisgemaak by die vreemde besoekers uit die Suide en selfs uithalerig begin word. Hy het die bewondering afgedwing van Daantjie en sy trapsate.

„Aitsêê, nou myne geliefde broederen," sê Daantjie Dapperman een aand toe hy die dagga-rookborreltjies lê en bewonder en 'n slukkie bier na binne spoel, „haitsie, myne broederen! Nou lê-sê ekke ver jelle-liede op dese ogenblik, doerdie kwaggahêêêngs es net sos oens. Hy hat mos oek galê-uitweek na die onbekendheid en na die vreemde weereld galê-koers. Maar nou segge ekke mos, in die sweet van uwe aangeseg sal jelle-liede uwe brood eet, sos Eerwaarde altoos galê-beduie hat. An wat van die kwaggahêêngs? An waarom an hoekom moet hy sy tyd lê an verkwansel mot moulste? Net de dag van morgen, myne broeders en susters, sal doerdie vangstok lê-fleut oer dat harspan van doerdie kwaggahêêêngs! Ekke hat gespreek!"

Die „spreek" van Daantjie Dapperman is toegejuig en die gemeenskap het onder hul vellejies ingekruip in die blye vooruitsig om die volgende

more ooggetuie te wees van die uithalerigheid van die kwaggahings en die behendigheid van die mansgoed. Vroeg daardie more het die klonkies die klompie bossiekoppe na die gehuggie aangewakker en die ou veterane het bakgestaan om die kwaggahings in die kraal te laat koers. Dié dier het maar altyd sku gebly en sy lyf skraal gehou, dog toe hy eenmaal in die kraal was, was sy saak verlore. Op die muur het die vroumens-goed en kleingoed plek geneem om die vermaaklike petalje deeglik in oënskou te neem. Soos 'n deskundige en egte perdeduiwel het Daantjie Dapperman die riem aan die punt van die vangstok met 'n spoggerige oog gestel en vermaaklik-rats het die kwaggahings proes-proes tussen die perde gewielewals.

„Nou lê-waarskou ekke jelle-liede om versegtag te lê-knoei. As die oog van dat riem lê-vasseug om die hals van dat hêêêêngs, dan an dan mot jelle hom by die stert lê-vasvat. Nie dat hêêêngs sy stert, dat riem sy stert. An as die kwaggahêêêngs voorwaarts an derwaarts lê-oeitbeur, dan mot jelle-goed lê-troeistaan!" waarsku Daantjie Dapperman.

Met die eerste probeerslag het dit die baasperdeduiwel geluk om die kwagga te „noustrop", soos hy dit genoem het, en toe was daar 'n bohaai wat wie-weet-waar gehoor kon word. Die kwaggahings blaas, byt, skop en kap in die lug en in die stofwolk wat ontstaan, was daar van die dapperes min te sien. Onder die rumoer kon die keelgefluit van die dier duidelik gehoor word.

„Nou sal ekke dat dobbelslag om myn eige hand lê-knoop en ysterklou in deeske aardbodem lê-

slaan!" skree Daantjie met 'n hees stem en hy voeg die daad by die woord. Op dieselfde oomblik het die kwagga glo opgemerk dat die wagters in die poort van sy kerker effens troei staan, en van dié geleentheid het hy gebruik gemaak om sy kostelike vryheid te herwin. In 'n stofwolk peil hy op die hek af, en toe die gemeenskap daarin slaag om die misstof uit hul oë te verwyder, het die kwaggahings met Daantjie Dapperman as nuwerwetse sleeptou-karweiertjie agter hom die afstand tussen hom en die kraal al tot oor 'n halfmyl gerek.

„Gorratjie! Myne diksendaais!" skree Sors Stewels uit 'n amegtige keel, „doerdie Daantjie Dapperman is darram mar sommar an man! Waar hy-goed lê-hat, daar lê-hat hy-goed!"

Die kwaggahings het met Daantjie in die rante verdwyn. Daar is die hele dag deur die dapperes gesoek en galê-aitsê en galê-planne gee, maar geen spoor is van Daantjie Dapperman of die kwagga ontdek nie. Maar die volgende dag is die „gestreepte muil-esel", soos die Grikwas hom dikwels genoem het, weer onder die klompie bossiekoppe opgemerk. Die vangriem was nog stewig om sy nek genoustrop en met 'n dubbele slag aan die regterhand van Daantjie Dapperman. Die arm het lustig tussen die graspolle geslangspeel, maar die romp het geskitter deur sy afwesigheid.

„Haitsêêê, myne broeders en susters en allen jelle-goed!" laat Sors Stewels hom opgewonde hoor toe hy die romplose arm ernstig betrag, „Doerdie dendie Daantjie Dapperman is darram sommaar an man deusend! Aitsé! Waar hy lê-hat, daar lê-hat hy!"

# XI.

## BOLANDSE BLITS EN ROTTEKRUI

„Na-ja, oens an wie lê mos nou sommar so lê-najaag die pag. Oens an jelle lê voorbeeldig volg die spôr van dat edele pag an oens an wie lê-loop-loop, reuk-reuk op die spôr van doerdie pag se tiermelk. Haitsêêê! Die spôr wat an man mot korrasie lê-opvul sos die kraan van dat pag se lêer die Grikwa-goed en Brikwa-goed se beker an die bottel lê-vul toet by dat nek. Eêêêtsêêê, swaar Flenk, wat hat jê-mens-goed daarop te lê-deskoers? Spreek, as jelle altemet-meskien nog an grantjie daskorsie in jelle allerbinneste beset! Spreek, uliede se Grikwa-goed!"

Dit was heerlike, verblydende manne-taal in die jare twintig, dertig en daarná, wat die verwagtinge van die Grikwa-gemeenskap, in groot mate van die Koranna en in geringer mate van die Boesman wolke-hoog laat opvlam het. Dit was taal wat oens se gemeente met liefde en hoop vervul het. Die pag kom! Dit was Grikwaspraak in doodse erns wat die opregte harte nou sommer skoon uitoorlê het.

Die aller-geliefde pag! Hy kom! Hy kom met balies en lêers. Hy kom uit die Boland se wêreld .... die wêreld wat vloei van brandewyn, die weereld wat lê-oeitpak die streepsakke vol-vol rosyntjies, okkerneute, droë-sperskies, smeer se tammelletjie, meboskonfyt. „An myne allerliefste broederen en susteren, ekke spreek nou sommar sos an man van korrasie: An hyglike tyd gan seur pag ver oens breng! Die pag hy hat

nou weer galê-deuk oeit die ou Boland; lat oens hom sos krestene lê-verwelkom."

As die pag sommar-sommar doer annerkant Kolsberg se weereld die waens laat klap-klap en seer ver aan die hotkant van ou Grootrivier sambok begin inlê by Briekman en Janbloed, die agterosse, en by Voorslag en Venyn, die twee voorosse, dan begin die Grikwagoed en Koranna-goed se harte huppel hier in die Transoranje se weereld. Ja, die harte galop soos die blou-wildebees, hulle spring sierlik-hoog soos die spring-bok, hulle knik-knak die kop soos die blesbok, hulle versit die voet saggies-fyn soos die vol-struis . . . die uithalerige rooibeenmannetjie! Die lippe van die Grikwa en Koranna proes soos die baas-kwaggahings doer op die vlaktes aan die voet van Pramberg. Jêêêtsêêê! Die kwaggahings met sy streeppak! Die oom Lou! Sêêêstog vir jelle-liede! Lat die pag toggies noggies mar eers galê-hat lê-kom, dan sal oens en jelle-liede mos sommertjies vir oom Lou lê-wys waar oorlê seur Dawie die wortel galê-grawe hat.

„Ekke vra voor jou, broer Hans-goed, hat Freek Snor dan nie net hierdie einste dag der dagen op een van Tjêrt Kok se spoggerige opreggeteelde hengste die blyde tyding gebreng dat seur Jan Ensel, die geliefde pag, sy gelêerde en gebaliede waens laat streepstof-lê na die Noorde toe nie? Haitsêêê, toggies, doerdie ramkatter van Tjêrt Kok! Waar hat an sterfling-mens toggies oeit op die aardske bodem selke wonderwats se moulste gasien-lê sos Tjêrt Kok se hengs-goed!

„O, hyglike dag! O, dag der dagen! Hoe gan oens en wy en jelle-liede oens en jelle-goed toggies

nie kaboe-pens lê an verleustig nie! Is daar dan nie snoepgoedjies voor dat snetters nie? An dan, O, hyglike dag! Dat blits van dat tiermelk voor oens volwaske mensken!"

„Des die bybelse waardigheid wat jy daar lê-verkondig, broer Klaas. Haitsêêê, darram! Dát Freek Snor, darram! Hy-goed is sommar wapadlaans an uithalerige kostelike mans-goed! An doerdie hengs-goed van Tjêrt Kok! Menske, lê-lê hou liewerste hand op dat smoel! Swyg sos dat rots van Pramberg!"

Met ontembare ongeduld het die dorstige Grikwa-samelewing op Philippolis en omstreke hulle byna blind gestaar op die pad wat in die rigting van Grootrivier kronkel. Party het selfs begin streeptrek met die oë gevestig op Coleskop. Waar vertoef Jan Enslin dan tog so lank? Weet hy dan miskien nie dat die mense hier deuskant die rivier versmag van 'n brandende dors nie?

„Haitsê, ekke wil maar net lê-segge, swaar Rooikoers, so mot seur Jan darram nie an mens staan-lê-tempteer nie. Nou, gaseg nou dat oerkantse Hotnots lê-seup al dat tiermelk oeit? Dan lê-vrek oens leste grootmens mos hier an die desekant van dat stroom van pappelêlê-beroerte, swaar!"

Eindelik! 'n Stofstreep daar in die rigting van die Oranjerivier dui onmiskenbaar aan dat seur Jan hom ter elfder ure ontferm het oor die dorstige gemeente. Daar is gejubel en daar is gejuig. Daar is geêtsê, geaitsê, ge-in, ge-oer en ge-oeit. Hoede is in die lug gegooi; die vroumens-goed het die rokke bymekaar gevat en gehotnotriel. 'n Tiental of meer van Gert Kok se uithaler-trippe-

laars met die dapper ruiters in die rug snel die lekkermaakwaens van seur Jan tegemoet. Dit sal mos onbetaamlik lyk om die geroemde seur Jan nie passend te verwelkom nie.

Seur Jan het daardie aand die allerkostelike tiermelk in stroompies uit die ou groot lêer laat silwerstraal. Daardie onvervalste druiwesap wat so deurskynend is as die fonteinwater! Daar is die hele nag fees gevier en die volgende dag het die nat gemeente in sy roes gerus. In die middagure is daar weer fluks handel gedryf en die riksdaalders het die beursie van seur Jan styf gevul. Ook is perde, beeste en kleinvee deur die Grikwa's in Kaapse blits omgeskep. Hier kom Geswind op 'n bossiekopponie aangewaggel met 'n skaap voor hom op die nek van die rydier. Dié skaap gaan verander word in 'n paar stywe sopies. Daar kom ou Aries en ou Katryn met 'n paar bokke aangesukkel.

'n Paar dae later laat seur Jan inspan en die reis gaan verder. Die meeste van die broers en susters is só venynig deur die Bolandse blits getref dat hulle die vertrek van hul „weldoener" nie eens opmerk nie. Maar selfs die dierbare ou vaders Bacchus en Morpheus laat hul kleingoed soms los, en toe die nat gemeente eindelik uit die roes ontwaak, sit ou vader Bacchus hoog en droog doer ver op die lêer van seur Jan. En hy wink vir sy dissipels om hom te volg.

„Tsêêê an haitsjêê, myne geliefde broers an susters, lat oens an jelle-goed toggies nou mar weer lê-koers op dat reukspoor van doerdie tiermelk van seur Jan. Myn oog wil seur Jan seer graag weer sien. Seur Jan hat al hoeka-se-tyd

dat rug galê-oer. Kom, geliefden, lat oens deeske staf lê-opneem an lê-spoorsny op dat reuk van dat lêer!"

Dit was heerlike manne-taal wat Abram Weglê geuit het en die dorstiges het geen verdere aanmoediging nodig gehad nie. Mans-goed en vrougoed het weer in die wapad geval en 'n streep Grikwa-wesens sny die spoor van Jan Enslin se waens. Dié wat nie oor 'n riksdaalder beskik nie, steek die hand diep in die veestapel, om 'n druppeltjie lawaaiwater te bekom.

Die broers en susters het naderhand hul betaal- en ruilmiddels uitgeput, maar nie die inhoud van vader Bacchus se kruik nie, en om hul brandende dors te probeer les, het hulle die pag se drinkgoed onwederregtelik begin aanspreek. So 'n diewery kon seur Jan nie met lede oë betrag nie. Hy het 'n vaatjie tiermelk met rottekrui gedokter, en sonder prys en sonder geld kon die dranklustiges toe met die inhoud van die vaatjie kennis maak. Jaaa, maar rottekrui het op die inwendige mens dieselfde uitwerking as jalap.

Daar het toe 'n moles van die ander wêreld ontstaan, en die geliefde broeders en susters het herwaarts en derwaarts en hierwaarts en doerwaarts tussen die kliprantjies rondgekuier. Daar was 'n ge-aitsêê soos nog nooit van tevore in die Transoranje gehoor is nie. In die tussentyd het seur Jan met sy waens die bos getrap. Die Grikwa-volkies het soos een man uit die broek geklim en met die broek oor die skouer aangestryk . . . . agter die reuk van die pag aan! Freek Snor het gebliktand van ergernis. Die pag het darem regtigwaar nie mooitjies gehandel nie. Kyk nou

net hoe moet 'n mans-goed hier in die wye vlakte sonder broek stap. Die mouls het die saal-goed mos ook beskadig.

„Haitsê, myne vriende," laat Freek hom hoor, „ekke lê-verkondig bragtag vir jelle-liede hierdie ware woorde: Oensliede laat lê-staan vir Jan Ensel. My komt de wraak niet toe, het Eerwaarde mos aljimmers vir oens an wy lê-beduie. Die Here lê-loer vir die pag!"

Daardie aand het Jan Enslin homself gelukgewens dat hy in die rottekrui 'n onfeilbare bondgenoot gevind het om van die dranklustige Grikwa-Koranna-gemeenskap ontslae te raak. Dis die anderdagmore. Toe die sonnetjie sy strale agter die oosterkim karmosynkleurig begin uitskiet, drom die drinkebroers en -susters wat tot 'n oormaat met Kaapse blits en rottekrui die vorige dag kennis gemaak het, om seur Jan, die pag, se waens saam.

'n Onlesbare dors was op die bestofte aangesigte te lees en smekend het hulle na vader Bacchus gestaar, daar waar hy, die gekroonde koning van die papnat gemeente, op die lêer van die pag sit. Hy knipoog tog só verleidelik dat Toontjies Uithaler se tong losraak. Deerniswekkend soebat Toontjies.

„Agga, an aggatoggie, seur Jan, lê-verkoel dan toggies oense engewande mot doerdie rottekreudrenkgoed van seur Pag. Die allermeeste sambliéf toggie, seur Jan!"

Seur Jan het hom oor die stomme wesens ontferm en toe volg hulle hom na Brandewynskuil. Maar daar het die pag 'n teëspoedjie in die gesig moet staar. Toe die waens oor die klipplaat in die

spruit rammel, tuimel 'n groot brandewynvat af. Dit bars met 'n plofskoot oop en die Bolandse blits vloei in strome. Binne die bestek van 'n paar sekondes was die onverbeterlike aanbidders van Bacchus een en almal op hande en voete en hulle slurp en hulle sluk.

„Haitsê, broederen en susteren!" juig Bruintjies Brikwa, „ekke begeer tog om ves te wees. Dan swem ekke voor ewig en altoos in deeske brandewynkuil en ekke galê-oeit doeroeit so nimmer as noeit!"

Van daardie dag af het daardie plaas in die Transoranje bekend gestaan as Brandewynskuil.

(Feite aan die skrywer verstrek deur mnr. Joachim J. P. Lubbe van Fauresmith.)

## XII.

## 'N GRIKWA LEWENDIG BEGRAWE

Die onversadigbare dranklus, wat by die Grikwa tweede natuur geword het, was die oorsaak van tientalle grusame voorvalle. Soos die Boesman by die vleisdis geen maat geken het nie, so het die Grikwa aan die druiwetros gemelk totdat hy van sy eie bestaan onbewus was. Hulle het geweet wat die gevolge van so 'n oormatige drankgebruik was, maar daarvoor het hulle die oë styf toegedruk en aan die druiwestok gelê en suig totdat dit horingdroog was. Maar die Grikwa het mos nie brandewyn gedrink nie, maar versterkkruie, wat 'n uitstekende maagmiddel was en die gesondheid bevorder het. Nooit het die dranksmous vir die Grikwa 'n druppel brandewyn gebring nie. Dit

was maar net die onvervalste, waterkleurige druiwesap, wat ander mense so onverstandig was om as Kaapse blits te bestempel. Nee, by die Grikwa was hierdie onvergelyklike drank niks minder en niks meer as versterkkruie nie.

Ou mense het vroeër voorspel dat drank die ondergang van die Grikwa-nasie gaan wees. Dit was; altans in die suidelike Vrystaat en later in Niemandsland. Dié ou nasie het feitlik van die toneel verdwyn, en die twee hooffaktore wat hul ondergang bevorder het, was hul dranklustigheid en die bloedvermenging met inboorlingstamme.

'n Afsigtelike insident wat regstreeks geboortig was uit 'n buitensporige liefkosery deur ou vader Bacchus, het vroeg in die jare dertig selfs die papnat Grikwa-drinkebroers 'n huiwering deur die lede gestuur. 'n Grikwa-geselskappie het die drankwaens van 'n Bolandse smous besoek en daar het hulle hul inwendige bakwerk met Bolandse blits tot oorlopens toe gelaai, soos 'n battery vandag deur 'n gestadige stroom in 'n kragstasie gelaai word. Toe die blits van die druiwesap in die inwendige Grikwa begin krul en beef, het die geselskappie paddrankies aangeskaf en op hul perdjies in die kronkelpad geval. 'n Myl of ses van die drankwaens af het Arón Dampies van sy perd getuimel en oënskynlik dood op die grond bly lê.

Onder 'n gesnater en 'n gesmak van die lippe is Dampies ondersoek, en die eenparige uitspraak was dat hy lekkerlyf na 'n beter oord as ons aardse dal verhuis het. Die blydskap was groot toe bevind is dat Arón se drankvoorraad nie deur die geniepsige val beskadig is nie. Die inhoud van

een van Arón Dampies se bottels het 'n effe pad deur dorstige kele gevind en toe die drinkebroers weer op hul stukke was, is ná „ryp" beraad besluit om die oorledene daar en dan ter aarde te bestel. Hulle was erg haastig om dié onaangename taak uit te voer. Was hulle miskien bevrees dat Arón voor die bepaalde tyd uit die dode sou opstaan en die inhoud van die bottel drank van hulle eis? Gelukkig vir hulle dat 'n erdvark op 'n sanderige bultjie die rusplek van Arón aangevoor het. Ná enkele minute was die graf na die oordeel van die beskonke skepsels diep genoeg om die stoflike oorskot te vrywaar teen die snoepsug van roofdier en aasvoël.

Maar Arón Dampies was *nie* dood nie. Hy het maar net baie ver in die doolhof van die wingerd beland. In die ondiepe graf is hy so geplaas dat sy rug teen die wal leun. „Dampies-goed mot darem niet so onmoedelik lê-roes nie, broeders!" maak een van die Grikwas beswaar voordat hulle Arón neerlaat. Toe begin die besorgde stamgenote hom met los sand toekrap, maar toe die grond sy nek bereik, word Dampies wakker en skree:

„Aitsé, wa . . . wa . . . wa. . . . ."

„Jy es dood, Arón Dampies!" verseker Totties Abramse hom. „Gooi toe, broeders!" beveel hy benoud. „Dat es Dampies syn spooksel. Dalkies hy lê-kreup oeit dat graf. Sy kop roer, nou-nou hy lê-roer dat stert!"

„Aitsê, doerdie Dampies-goed es kordat. Hy es gedood an hy lê-roer nog dat postuur. Le smok in, broeders! Dalkies dat daaien (leeu, spook of toornaar) lê-loer voor oens!"

Die volgende dag is Dampies se lyk half buitekant die gat gevind, 'n bewys dat hy sy bewussyn herwin en gespartel het om uit die gat te kom, maar die oormaat van brandewyn en die fyn stof in keel en longe het hom uit die liewe ou lewe gehelp.

## XIII.

## TOT DIE OORDEELSDAG OF . . .

Dit was in die jaar 1840 tydens die groot reëns. 'n Ou Grikwa-jong wat die vreugde gesmaak het om 'n bottel brandewyn op sy eentjie te ledig, het 'n ontydige uitvaart ondervind in die vloedwaters aan die regteroewer van die Oranjerivier, en daar is hy deur naasbestaandes en belangstellendes aan die sorg van Moeder Aarde toevertrou.

By die teraardebestelling neem een van die oudstes onder die haitsê-gemeente die woord en sê:

„Aitsie, sterfbare an strafbare gemeente-kendere doer lê-reus oens syn ou beste op deeske dag oender dat kleut. Tries jelle-goed maar moet een grote tries, want hy hat moet salige vreugde-postuur die aardske bodem galê-oeit!

„Hy-goed hat niet so seer veel verseup. Hy hat galê-seup hem te seer veel kaboepens aan dat Grootrivier syn sap. Hier in deeske stof sal hy-goed lê-broedsel tot dat oordelingsdag der dagen. Maar regen dat weer so seer te veel, sal Grootrivier voor hem wat broeder Dries-goed es, lê-afneuk naar dat oenderkant. Aaamêêêênnn!"

# XIV.

## DIE WINGERDSTOK EN DIE DRUIF

Die teraardebestelling van die stoflike oorskot van ou Saulus Blom het met blyke van groot belangstelling gepaard gegaan. Oorlede ou Saulus, die waardige ou Grikwa-jong, het op die beste van sy jare 'n eervolle plek in die samelewing ingeneem en na hom is in Grikwastad se wêreld opgesien om raad en raat, want hy was 'n verstandige man en het ook 'n gegronde kennis gehad van veldkruie. Tientalle pasiënte is deur ou Saulus van die rand van die graf weggeruk.

Maar nou het ou Saulus, tot almal se spyt en verdriet, gesterf en dit het die Grikwa-mense genoegsaam rede gegee om uit alle oorde saam te drom op die werf van die oorledene. Die gerugte dat verversinge in die vorm van tsjarrie, Bolandse versterkkruie en vleiskos tot oormaat opgedis sou word, het diegene wat voorheen geen belangstelling in begrafnisse getoon het nie en dié wat traag van voet was, met prieme van blye vooruitsigte aangepor om die laaste eer aan oorlede ou Saulus Blom te gaan bewys.

Voor die aanvang van die plegtigheid het die roudraers (al die aanwesiges was roudraers, want hoe kon hulle dan anders sonder prys en sonder geld die Bolandse versterkkruie geniet?) die inhoud van die versterkkruie-vat só ernstig aangespreek dat die groot meerderheid so hoog in die takke rondgeklouter het dat hulle geen belangstelling meer gehad het in dood, begrafnisse en ander ondermaanse dinge nie.

Ou Salmon Bomper van Karriesberg, die voorbeeldige ouderling, het daarin geslaag, ten spyte van die onweerstaanbare geur van die wit blits, om sy positiewe nie almal die vrye teuels te gee nie, en toe die sonnetjie begin water trek, het hy met 'n hamer op 'n waband wat aan die dwarstak van 'n boom gehang en as klok gedien het, gemoker. Waggel-waggel en struikel-struikel kom die „diepbedroefde" mense nader en ou Salmon waarsku hulle dat die tyd aangebreek het om ou Saulus Blom in sy laaste rusplekkie te gaan neerlê. Die name van die ses draers is uitgeroep en om die verrigtinge te bespoedig, het ou Salmon die treurende naasbestaandes en belangstellendes beveel om in die pad te val. Die begraafplaas was op sy minste 'n myl van die werf geleë. Die draers kon met die oorskot van ou Saulus agterna kom, maar voordat hulle die kis opneem, het al ses eers die inwendige mens versterk met 'n paar stywe doppe. Ook het hulle 'n kraffie versterkkruie saamgeneem wat as lafenis op die stowwerige pad moes dien. Toe volg hulle die begrafnisstoet, die agterhoede waarvan al ruim 'n kwartmyl van die werf verwyder was.

Die son het sy kop al droewig agter die gesigseinder weggetrek, en nog daag die draers met hul las nie op nie. 'n Stuk of agt broeders is deur ou Salmon Bomper van Karriesberg afgevaardig om ondersoek in te stel en om die ses broeders op hul pligsversuim te wys. Hulle het die ses baasdraers agter 'n digte struik aangetref, maar hulle het op versterkkrui-wieke ver in droomland rondgesweef en toe hulle met skoppe, venynige knype en stampe na die aardse teruggebring is,



*Joagim J. P. Lubbe en eggenote van Fauresmith.*

was hul verstand só beneweld dat hulle met die beste wil ter wêreld nie in staat was om aan Saulus die laaste eer te bewys nie. Die kis is deur die ander opgeneem en toe dit sterk donker was, kon Salmon Bomper van Karriesberg die lykrede uitspreek.

„Haitsie, broeders an suster-goed," begin hy, „ekke kompreer dat gestorfde broeder van oens aller mot dat wingerdstok. Dat stam es den Heer daar bowe. Oens gestorfde broeder, Saulus Blom, is dat loot an dat tak; jelle-goed es dat druif an oens aller es dat druivesap waaroeit dat versterk-krui lê-oeit. Ja, dat es desgelyks, Dat es sooo! Aamêênn!"

## XV.

## DIE VANGHAND VAN OOM LOU

Die inwoners van 'n Grikwa-statjie op 'n terrein tussen die teenswoordige dorpe Fauresmith en Jagersfontein het omstreeks die jaar 1830 bittere smart te verduur gehad as gevolg van die snoepsug van 'n oud-gediende leeumannetjie. Hy het aan hul veediertjies gesmul, van 'n stuk of wat klein-goed het hy 'n smaaklike maal gemaak, en tot die vroumens-goed het hy nie met rus gelaat nie. Hul vleis was malsig en sy tande was stomp.

Dit alles kon die broer-goed en ousus-goed nog verdra, maar toe oom Lou vir Kaatjie Knak, die hoofman se vrou, 'n ontydige graf in sy maag besorg, was die koeël dwarsdeur die samelewing se kerk.

Jakob Knak het geknerstand van ontsteltenis en woede. Hy het geween en gekerm oor die onherstelbare verlies toe hy die flenters-oorskot van Kaatjie Knak, sy onverbeterlike wederhelf, staan en betrag.

„Broeders," roep Jakob Knak smartlik uit, „dat tyd hat nou vir oens galê-aanbrook om dat lou te lê-toon dat oens an nie hy-goed die resjeerders van die aardbodem es. Hat Eerwaarde dan nie altoos vir oens an jelle-goed lê-wysmaak dat die gediertes van die aardske paradys oender oens mens-goed se voete geplaas es? An nou vrage ekke vir uliede: Waar hat dat lou galê-oeit om oens-goed hier te kom lê-tempteer? Laat oens an allen jelle mans-goed lê-oeitstaan moet dat steenroer an dat pyl an boog na lou se kant-toe!"

Die kommandotjie Grikwas het in die saal gespring en luidrugtig die statjie verlaat. Op 'n afstand van die rietbos waarin die leeu skuiling gesoek het, het hulle van die perde geklim en behoedsaam die rietbos genader tot op vyftig tree. Die leeu het 'n diep gebrom laat hoor en 'n bietjie later grommend sy basgeluid uitgestoot. Jakob Knak het tru gestaan en ook sy dapperes.

„Haitsê, broeders," praat Knak met 'n benoude stem, „Ekke woender nou wie van oens sal aan die vanghand van dat lou lê-bly. An terwyl oens an jelle-goed nie weet nie wie sal die oenderlaag lê-kry nie, haitsêêê, manskap, lat oens dan maar liewerste lê-troei-staan an omdraai!"

# XVI.

## DIE UITVAART VAN FIELMON

Fielmon, Platjie en Jantjie het die liewe ou lewe van klonkie se dae af soos 'n drie in een saam afgeskaaf. Hulle het die troppe van oubaas Joggem saam opgepas. Hulle het reisies geja op die koringland van Klooffontein. Hulle het die koeie van seur Joggem in die more leeggetap en teen die aand leeggetap, en hulle het die snoepmelk voor die bek van die kalfie weggeraap. Hulle het soos een man onder die kameelsambok van baas Joggem deurgeloop. Vir die vroumens-goed het die drie bloedbroers geen loerogie gehad nie.

Nou, wie was Fielmon, Platjie en Jantjie dan? Dit weet ons nie. Hulle het die ras-eienskappe van baie inboorlingstamme in hul tronies en handelinge die lig laat sien. Hulle was 'n sonderlinge samestelling van die Grikwa, Brikwa, Koranna, Hottentot en Boesman. Miskien het ou Kerneels Kok nou die dag die spyker op die kop getref toe hy sê: „Seur sien, oens en die hele boksemdaais is sommer an mieksup! As seur kan verstaan wat ek meen?"

Kort voor sy uitvaart het Fielmon in biddende houding oor die daggapyp sy gemoed gelug. „Nou dan an, Jantjie an Platjie-goed, dit skyn ver my mos somber oens en jelle-goed het galê-oeit oeit die bron van vaar Adam an Eva-goed. Offe hoe sê jelle?" Met 'n ratse beweging plak Platjie sy krullippe op die steellose dagga-pyp en eers nadat hy gesuig-soen, die wange diep-hol getrek en die daggaborreltjies deur die rietjie laat

kwagga-dans het, raak sy tong los. „Wat jê-goed doer bedeue is bragtag die waarheid, swaar Fielmon. Oens an jelle-goed es nie sommer in die vark-goed se hok galê-oeit nie. Hiertsê jy

„Klein tarantaal,
Ester an staal!
Sneupe vol sneus,
Snodderige knie!
Jantjie koggalmander,
Platjie plat koljander,
Fielmon flekkeflooi!
Klein pargasie,
Rooi flamasie,
Rooies se rooies!
Tebes se baadjie!
Askoek maak,
Die brieke kraak!
Ou meid dra velkaros;
Aangeteel en beeskraal!
Naak an kaal!
Platjie snot,
Jantjie snot,
So weld sos an steenbok!"

„Aitsê darram, jê-Platjie-goed, jê lê-praat sos an opregte mans-goed. Leuster hier, swaar-broers:

„Klein Katryntjie,
Moord an brand.
Ver oor die land,
See an sand!
Oeit oens oor,
Dan van agter dan van voor.
Siestog vir jelle!"



*Grikwa-kanon op Philippolis.*



*Grikwa-kanon op Philippolis.*

„Aagie, swaar-goed," laat Fielmon hom op sy beurt hoor, „aggies sestog vir jel-menske, jel weet mossies neks. Toe draf ekke mens-goed doer oer die belt. Anna doer ontmoet ekke mos sommer goedsmoodes aan deusend Boesmanmeidjies. Anna helle slaan sommer an honderd bottels op my se kop stekkend. Enna toe draf ekka se goed eenkant-toe en ekka spreek: ‚Siestog vir julle se sussies-goed! Hierso is my klapperdop! Slaan sessies, slaan!' En toe moker hul-mense an meljoen bottels op my se goed se kop stekkend. An swaar-goed, toe hat ekka sommer smouls begin maak!"

„Jy lieg, Fielmon!" laat Platjie hom beledigend hoor.

„Sowaar as padda broek an manel aan hat, swaar Platjie. Loop vra doerdie Boesman-sessies as jelle mens-goed my-mens nie wel glo nie!" bevestig Fielmon.

'n Paar weke later het Fielmon siek geword, ernstig siek. Die Oubaas het hom met ekstra pruimpies probeer dokter, die Ounooi het die inhoud van die huisapteek nie gespaar nie, en Jantjie en Platjie het hom daaraan herinner dat die daggapyp net deur drie in een geniet kon word. Dié arbeid het geen oes opgelewer nie. Fielmon het verhuis.

Die noodlot het beslis dat Oubaas en Ounooi nie by die teraardebestelling teenwoordig kon wees nie, en Jantjie en Platjie moes alleen die laaste eer aan die oorskot van Fielmon bewys. Jantjie wat nie die kuns van lees aangeleer het nie, het in besit gekom van 'n Bybeltjie en dié het hy, gewikkel in 'n flenniedoek, in sy baadjiesak gesteek.

Steun-steun het Jantjie en Platjie met Fielmon se ontsielde liggaam grafwaarts gesukkel.

By die ope graf het Jantjie die Bybel plegtig oopgeslaan, toegeslaan, weer 'n keer oopgemaak en weer toegemaak. Platjie het die hande eerbiedig saamgevou en toe praat Jantjie:

„Ja, broeder, sooo is de mens syn lewe. Saam het oens drie gedrink, dagga gerook en saam gesmouls-lê. Hier lê-roes oens se broeder Fielmon. Hy kan nou bragtag nie eers sy tjêrt roer nie! Amen!"

„Broeder, jê-goed hat gesprook dat woord!" antwoord Platjie en hy gaan bitterlik aan huile.

## XVII.

## 'N GRIKWA-LEGENDE

### (Die Waterslang van Grootrivier)

Nou die ander dag het ek deur 'n gelukkige sameloop van omstandighede ou Koos Kordon weer te sien gekry en by hernuwing met hom kennis gemaak.

„Basie sien," begin ou Koos, „ekke wat James Gordon is, het annerdag 'n tamaai mistyk gemaak. Ekke het mos vir Basie gesê ek is Koos Kordon. Dis nou sommer 'n groot mistyk, my liewe seur. My oor-oorgroottatta-goed was mos James Gordon. Ekke het mos getreis en toe kom ek by oupa James Gordon uit. Seur kan mos verstaan wat ek meen om te eksplein? My oorlê grootjie het mos die Grikwa-volk gejooin toe ons se mense nog doer in die Kamiesberge rondgeflenter hat."

„Ja, outa Koos," antwoord ek, „'n mens kan sommer aan jou hele bakwerk sien dat jy van koninklike afkoms is. Al wat jy kortkom, is 'n troon en 'n kroon."

„Nou bragtag, Duisman, ekke wat James Gordon is, het nog nooit 'n witmens ge-aanskou wat so veel begreep het as jy nie! Ons Grikwas is die dapperste en bryfste menske wat nog ooit die velskoen op deeske aardbodem laat stewelkraak het. Ons is mos ok die enigste menske wat die waterslang van Grootrivier desnes op sy eet en drink gegee het! Ja, dit is sooo, Duisman!"

„My op deeske aardbodem, outa Koos, jy wil my tog nie vertel dat julle so dapper was om die waterslang van Gariep sommer in sy eet en drink die waarheid te vertel nie?"

„Nee, Duisman, ek sien sommer jy ken nog nie die Grikwa nie. As jy die Grikwa geken het, sal jy nie hier kom staan en kroskwestin nie. Ons was sommer weljoe mense gewees. Ons was edjikeited, al kon ons gan lees en skryf nie. Seur moet weet, daar waar die brug is as mens Koolberg toe ry, daar het die waterslang van Grootrivier sy huis diep onder die water gehad. Hy het baie smouls gemaak daar en hy het baie Grikwa-meidjies gevang om vir hom te werk."

„Hulle moes seker vir hom pap kook, tsjarrie stook en dwaalbos droogmaak, nè, outa Koos?" wou ek weet.

„Ja, maar dit was sommer peuselwerkies. Hul groot werk was om sy paleis met beesmis uit te smeer en alles aan kant te hou. Ja, daardie slang van Grootrivier was 'n groot koning, Basie!"

„Maar hoe het hy die meidjies dan so maklik in die hande gekry, outa Koos?” vra ek verder.

„Basie moet deedlik begreep dat die waterslang van Grootrivier die grootste toornaar was in die hele kontrei. Hy kon hom mos in enigste ding veranner. Nou loop die Grikwa-meidjies doer naby die water onder die bome rond om houtjies te soek en daar sien hulle ’n stuk biltong hang. ‚Aitsé, ousus-goed,’ sê Fyja vir Katryn-goed, ‚die genadigheid hat voor oens vleiskos galêstuur. Kom oens lê-jnaap dat gemsbok se boudvleis!’ En Basie, net soos die meidjies aan die biltong wil byt, word die biltong sommer verander in die waterslang van Grootrivier en hy sleep die meidjies na sy paleis. Tjéé, Basie weet die waterslang kan hom mos ok veranner in ’n mens, of ’n knipmes of ’n byl.

„Maar die mooistigheid van die waterslang is mos die steen wat hy op sy kop dra. Daardie steen blink mos sommer alkante-toe en in die nag blink dit sos daardie lektriek in die straat. Partykeer haal die waterslang die steen van sy kop af en sit dit onder ’n boom naby die water neer. As ’n mens dan die steen sien en jy wat mens is wil hom graag vat, dan moet jy wat mens is sommer ’n klomp koeimis bymekaar skraap en plak dit op die steen. Nou kan die slang mos nie die steen sien nie en hy dwaal sommer doer en daar. Net sos die slang ver stroom-op koers om sy steen te soek, moet jy wat mens is die steen onder die koeimis uitkrap en laat nael werf-toe. Maar my Basie, dit kos ’n perd om dan voor te bly, want as die steen onder die mis uitkom, sien die waterslang hom, al is hy ok miljoen myl ver

stroom-op. Dan kom hy! En hy kom! En hy kom! En as hy jou nie kan haksteentrap nie, dan laat hy sommer die leste water van Grootrivier uitstroom om jou voor te keer. Dit kos dan 'n ryperd om voor te bly. Dit was ok maar net Gert Kok van Grootfontein se perde wat kon voorbly!

„Nou moet Basie weet dat Frans Bukkies-goed, my oorlê moeder se eigenste broer, 'n dapper en bryf man was. Een dag het oom Fransie Bukkies mos op een van oorlê oom Gert se kopknakkers afgeseil Grootrivier-toe en daar sien hy die steen. Oom Fransie het die steen mot beesmis bepleister en toe ry hy so op en af om te spijoen waar koning waterslang is. Hy sien nie die koning nie en toe gryp hy die steen onder die mis uit en laat die bontperd ooplê werf se kant-toe. Toe kom die waterslang sommer mot draaie en swaaie, maar die bontperd het hom skoon desnes geloop. Oom Fransie het by die huis ingespring en die deur toegesluit. Die waterslang het hom voor die deur opgerol en gewag dat oom Fransie moet uitkom. Toe begin die waterslang brul en brul en brul, sodat die hele kontrei antwoord gee en die Grikwas sê: ‚Haitsé, oense broederen, daar's op deeske dag groot smouls!' Toe begin die beeste en die lous mos ok brul, en daar kom toe drie osse en twee koeie tot by die waterslang en hulle brul saam mot die waterslang. Basie, dit was die grootste gebrul wat nog ooit op die aardbodem gehoor is. Die drie osse brul sommer hier neffens oom waterslang se oor en toe Rooimuis, oom Fransie Bukkies se koei, ok hier in die slang se oor kom brul en brul en brul, word die koning

kwaad en hy breek sommer Rooimuis se nek morsaf!"

„En ou Frans Bukkies het al die tyd hoog en droog in die huisie gesit, outa Koos?" vra ek.

„Nee-aaa, die gebrul was mos te veel. Daar het dan so eintlik 'n aardbewing gekom van die gebrul en toe grou die anner Grikwas 'n gat deur die agterste muur en oom Fransie draf hotkant-toe mot die steen. Toe kom daar vyf Grikwas mot hulle se steenroers en hulle sê: ‚Oom waterslang van Grootrivier, blets, blets, blets, blets, blets!' En toe die vyf steenroers praat, blets hulle vyf koeëls deur oom waterslang se kop. Toe slag die Grikwas hom af en hulle gee die vel vir Adam Kok present!"

„Hoe het die steen dan gelyk, outa Koos?" vra ek nuuskierig.

„Basie sien, hy was so groen soos doerdie gras. Maar hy was nie hard nie. Hy was sommer so sag soos 'n stuk seep en hy het geblink sos doerdie lektriek in die straat, al was hy groen."

„En wat het van die steen geword, outa Koos?"

„Basie moet weet, die steen was net so groot soos 'n piering. Toe kom daar 'n Duister vir Adam Kok kuier en hy koop die steen vir seshonderd riksdaalders. Hy het toe die steen na sy eie land toe gevat. Die mense sê die steen is hierdie vandag nog in die Duister se groot dorp. Basie moet weet, die Duister bly nie hier nie. Hy bly sommer doer ver oor die groot water."

# XVIII.

## HAT NIE DAT KENNIS

Die oubaas van Tietiespan, 'n plaas in die distrik Fauresmith, het gereeld die mis in die veekrale laat uitsteek met tweërlei doel. Word die mis nie uitgesteek nie, dan hoop dit op, met die gevolg dat die klipmure laer word. Dan het die mis, soos vandag nog, ook gedien as brandstof. Mis as brandstof het egter in baie streke 'n seldsaamheid geword, daar die boere hul kleinvee teenswoordig nie meer saans in die kraal besorg nie, aangesien die gevaar van die roofdier in groot mate uitgeskakel is. Net vossie dwing sommige boere nog om die kleinvee snags tussen vier mure te laat deurbring.

Tietiespan se oubaas (wyle die vader van oom Joachim J. P. Lubbe van Fauresmith) het een dag weer laat mis steek, en van die more tot die aand moes die Grikwa-volkies die vierkantige koeke uitsteek en op die muur pak. Die koeke moes in rye netjies op mekaar gestapel word. 'n Stukkende koek sou die hele mismuur uit verband ruk. Klasie Klonk het vir die eentonige gewerskaf al begin sat word en kort-kort laat hy 'n miskoek stukkend breek deur dit onhandig te hanteer. Die oubaas het hom vir Klaas vererg en hy sê:

„Klaas Klonk, ek waarsku jou nou vir die laaste maal. As jy aanhou om die miskoeke te verflenter, dan dons ek jou op tot by oubaas Daantjie in die kalwerhok en dwarsdeur die skuiwergat! Jy is 'n onhandige skepsel!"

„Haitsêêê, Oubaas,” antwoord Klaas Klonk, „hoe kan die Oubaas dan toggies so lê-daskoers? Ekke wat Klaas Klonk-goed es, es gans en gaar nie oenhandig! Ekke hat mar net nie dat koenstaggeit van dat kennis! Jaa, dat es so, Oubaas!”

## XIX.

## DAT BOTTEL HEERS

In die sewentiger jare het die diamanthoudende gronde van Kimberley en omstreke aan elkeen wat die hand uit die mou wou steek, ’n vol beurs besorg. Die boer het sy produkte peperduur verkoop aan die bonte samelewing op die diamantvelde. Die transportryer het gefloreer, en die drankhandelaar het onder die togryers vrugbare weivelde gevind om sonder veel arbeid sy skapies op die droë te bring. Die gevolg was dat ’n reeks kroegies langs die grootpad soos paddastoele verrys het.

Om maar net ’n paar voorbeelde te noem! Tussen Koedoesrand, aan die Modderrivier, en die diamantvelde, oor ’n afstand van omtrent 32 myl, was daar nie minder as drie kantiene nie. Op Koedoesrand in ’n baksteenhuisie (dié huis word vandag nog bewoon) aan die voet van die rant, daar waar die laagwaterbrug vandag is, was ’n kroeg en reg oorkant die rivier op ’n deel van die plaas Banksdrift was ook ’n drinklokaal. Dié twee was nie verder as ’n myl van mekaar verwyder nie. Tien myl verder in die rigting van Bloemfontein kon die dorstige met Kaapse blits sy dors les in die kroeg van ou Webb (hy was

algemeen bekend as ou Wip) op Poplar Grove. Die handelsperseel van ou Wip was geleë op die terrein waar 'n skoolgeboutjie vandag staan.

Ou Wip en die ander kroegbasies se dranksakies is naderhand gekortwiek deur die Vrystaatse Volksraad. Daaroor het ou Wip hom nie veel bekommer nie. Sy florerende dranksakie het toe eers met rasse skrede vooruitgegaan, en 'n onsigbare kroegbaas het soos voorheen sy dorstige klandisie ruimskoots van drank voorsien. Daar was 'n vierkantige kamertjie aan die ou lang woonhuis. Dié kamertjie was sonder 'n buitedeur, maar uit 'n vierkantige venstertjie het die bottels drank in besit van die klant gekom. Hy plaas eenvoudig 'n paar muntstukke op die vensterbankie. Geheimsinnig verdwyn die geld en ewe geheimsinnig kom die bottels drank te voorskyn. Speurders het daar dwaalwater gaan koop en hulle het die huis binnegestorm en die vertrekkie gefynkam, maar daar is nie die minste spoor van drank ontdek nie. Ook nie in die huis nie. Jare nadat ou Wip verhuis het, is 'n onderaardse gang van die voormalige drankkamertjie na die rivier ontdek, asook die plek waar die ou kroegbaas sy vate brandewyn weggesteek het.

'n Geselskap dorstige Grikwas te perd het ou Wip se kroegie besoek. Hul ingewande was behoorlik verskroei deur 'n onlesbare dors, maar die beursies was propvol. Die muntstukke het van die vensterbankie verdwyn en die bottels tiermelk het geheimsinnig te voorskyn gekom. Die broeders het hulle tot oormaat verlustig en fluks gemelk aan die wynstok. Toe hulle besluit om die regterbeen oor die saal te gooi, het die inhoud

van 'n paar bottels geskitter deur afwesigheid. Dit het geblits in die inwendige Grikwa-mens.

Onder 'n „ge-aitsé!" en 'n luidrugtige grootpratery storm die oormoedige ruiters op die rivierwal af. Adam Trossies het op sy bossiekopponie die mede-broeders die kroon van die hoof gehaal. Hy was los voor. Ou Poon was net so onverskrokke as sy ruiter. Hy storm roekeloos af op 'n sloot van nagenoeg vyftien voet diep, en in 'n stofwolk stort ros en ruiter die diepte in. Adam Trossies se nek was morsaf en ou Poon s'n ook.

So vinnig as hul drankverlamde bene hulle wou toelaat, het die drinkebroers die rivierwal afgestruikel en die toneel van die ongeluk van die waterkant genader. Arnols Flonk het die droewige oorskot van Adam Trossies die eerste bereik. Hy het hom oënskynlik nie veel bekommer oor die ontydige uitvaart van Trossies nie, want sy oog het op die vol bottel brandewyn, die eiendom van oorlede Adam, geval en dit het sy aandag afgetrek van die stoflike oorskot van ruiter en ryperd. Die bottel het onbeskadig uit die ongeluk gerol en in ekstase het Arnols dit beetgepak. In die gees is hy vervoer na daardie geweste waar vader Bacchus hoog en nat op sy troon sit.

„Haitséééé, broeder-goed," laat Arnols hom hoor, „an hoeré voor jelle menske! Siestog voor jelle! Adam Trossies oens se allerbeste ramkat! Syn sjees es oeit, mar dat bottel lê-heers!"

„Tries jelle, broeders," praat Harmaans Skeeftrap, „tries jelle, broeder-goed, Adam Trossies hat die ewiggeit galê-intreupel mot dat salige postuur!"

# XX.

## 'N GRIKWA-STRAFMIDDEL

In die jare dertig is daar 'n twisappel gewerp tussen twee Grikwa-groepe in die Transoranje. Hoe die tweespalk ontstaan het, kon hulle by die aanvang van die stryd nie vasstel nie. 'n Grikwa is baie fyngevoelig as daar aan sy eer en karakter getorring word, en lasterpraatjies is in daardie streek van bakboord na stuurboord geslinger. Deur die verstandigstes onder dié twee samelewings is ernstige pogings aangewend om die geskille in der minne te skik, dog hul arbeid het geen vrugte afgewerp en die vrede is nie herstel nie. Toe het die steenroer en die pyl en boog op die verhoog gekom en bloed het gevloei.

Toe die stryd op sy felste woed, het dit aan die lig gekom dat 'n Grikwa-meid die oorsaak was van die krakeel. Die kaptein van die een groep stap met 'n wit vlag na die stelling van die vyand en toe hy sy teenstander tot op 'n tree of tien genader het, roep hy uit:

„Broeder, broeder, warem an voor wat wraak oens voor malkander? An warem an voor wat dood uliede by oens an oens by uliede? Kyk nou net: Jelle hat so flossies Kaatjie se soon door dat been geskoot! Jelle moes nie so door dat wend lê-skoot, broeder!"

Hy deel sy teenstander toe verder mee dat 'n vrou-goed verantwoordelik is vir die broedertwis. Sy het van die een werf na die ander gekuier en met die vuigste skinderpraatjies die Grikwas teen

mekaar in die harnas geja. Vrede is daar en dan onvoorwaardelik gesluit en nadat die „oorlogvoerendes” mekaar die broederhand en oususgoedhand gereik en tsjarrie en dwaalbos gemeng het, is die meid voor 'n gesamentlike regbank gedaag. Die twee kapteintjies het as regters opgetree. Tientalle het getuienis afgelê teen die skinderbek, maar daar kon nie een gevind word om in haar guns getuienis te gee nie. Sy is sonder meer skuldig bevind en ter dood veroordeel.

Daar is gewik en geweeg oor die aard van die doodstraf. Die meid het 'n swaarder straf verdien as 'n steenroerkoeël deur die harspan of die hart. Daar is ná 'n gerekte redenasie eenparig besluit om die skinderbek wat soveel leed en smart onder die Grikwa-samelewings veroorsaak het, deur twee perde uitmekaar te laat skeur.

Die nuus van die unieke teregstelling is wyd en syd versprei en op die bepaalde dag het honderde Grikwas, klein en groot, saamgedrom op die terrein waar die vonnis sou voltrek word. Twee vurige perde is opgetuig en aan die stringe van elke tuig is 'n sterk riem vasgemaak. Aan elke been van die veroordeelde is 'n riem geknoop en daar lê die skepsel tussen die twee perde wat ronddans van opgewondenheid. Die skerpregters staan terug en die swepe klap. Wat daar verder gebeur het, kan elke leser of leseres hom of haar maar self voorstel.

(Aan die skrywer meegedeel deur oom Andries Johannes van Schalkwyk van Rietpoort, Trompsburg.)

# XXI.

## WURMS HET UIT DIE STERKTE GEKOM

### (Ou Koos Kordon se Storie)

'n Klompie gemsbokke het een dag die namiddagure in die koelte van 'n groot doringboom staan en verdroom, en 'n hongerige leeu wat 'n paar dae lank geen smaak van 'n stukkie vleis gehad het nie, het hulle opgemerk en tussen die kreupelhout behoedsaam nader gesluip. Ongemerk het hy die bokke tot op 'n paar tree genader en 'n gerekte sprong gedoen.

„Maar, my Basie," sê ou Koos Kordon, „hy die lou het vrotsag galê-korrelvat en hy het sommer baie ver geoer. Hy het hoog in die mik van die doringboom gekoers en daar is oom Lou stewig ingewig. Loskom vir ta was min. Hy het gekrul en gebrul, my Basie, maar dit was alles te verniet. Daar in die mik het hy gevrek en die tjees gegee en ná 'n paar dae was hy papvrot."

„Die bye het seker in die lou se pens kom nesmaak soos in die lou wat Simson se bek oopgeskeur het? En toe het die Grikwa-volk seker ook gesê: ‚Spyse het uit die eter uitgegaan en soetigheid uit die sterkte'. Nie waar nie, outa Koos?"

„Tsjêê, my Basie," antwoord ou Koos, „hoe kan my Basie nou selke goed vra? Ek glô dat Simson 'n Grikwa was, maar van die oopskeur van die lou se bek glô ek nie. Nee, die bye het nie nes gemaak in doerdie lou in die doringboom nie. Die wurms het in oom Lou nes gemaak."

„En toe het die Grikwas die nes gaan uithaal, outa Koos?”

„Tsjêêê, nou kyk nou weer! Nee, Basie, die ding het só gebeur: Jefta was ’n ou Grikwa-jong wat vir Philippolis die haksteen gewys het met sy klonkie en ver gekoers het na ’n anner Grikwastat in Rietrivier se wêreld. Naarhand kry Jefta en die kleinjong honger en Jefta sê vir sy tjend: ‚Dawid, my engewande begen lê-vloek nou. Lat oens oender doerdie doringboom gaan lê-vuurmaak an die vleis lê-braai. Haal oeit dat toentel, Dawid myn kind.’

„Net gou-gou, my Basie, het die vuur sommer doer hoog in die takke gebrand en toe braai Jefta en Dawid die ou bokribbetjie. Maar toe hulle die leste beentjie afgelek het, sê Dawid: ‚Vaar Jefta, my pens-goed lê-tjank sos die hongaragga wolf-goed!’

„Nou moet Basie weet,” gaan ou Koos Kordon voort, „die wurms in die lou het begin warm word van die groot vuur en toe val hulle sommer so by die bonnels af hier vlakvoor Jefta en Dawid. ‚Aitsie, Dawid myn soon,’ beduie ou Jefta, ‚die hemel hat snoepgoed vir oens galê-stuur! Vreet myn soon, Dawid! Versadig jou-goed se pensgoed!’

„Jefta het toe sy rugkant vir die vuur gewys om die wurms beter te kan bymekaar skraap en hy sê: ‚Haitsê, Dawid myn soon, watter soorte van wurms eś dat? Waar gebroei-oeit helle-goed dan sommar so snel moedelik? Hier mot ding by die boom lê-skeul!’

„Toe Jefta opkyk, loer hy in die oop bek van die lou, my Basie. Jefta skrik so groot dat hy sommer agteroor steier en in die vuur val!"

„En Dawid, outa Koos?" wou ek weet.

„Dawid, my Basie? Hy het soos 'n volstruismannetjie Philippolis-toe gedraf en dit nogal op 'n vol maag. Vroeg die anner dag het Adam Kok tien man gestuur om Jefta te haal. Toe hulle onner die doringboom kom, lê Jefta daar amper houtskool gebrand.

„ ‚Haitsêê, menske,' sê een van die Grikwabroeders, ‚haitsie, aanskou tog dat. Dat Jeftagoed es galê-oeitblaas die tjees an hy lê-trek darram nog dat skeef bek!' "

## XXII.

## DIE POSTUUR EN DIE STEEL

Wellem Grootgaap was 'n sorgsame en spaarsame Grikwa-jong wat geswoeg en gesweet het om betaal- en ruilmiddeltjies bymekaar te skraap om vir hom 'n karweiertjie aan te skaf in die vorm van 'n eendisselboomkarretjie. Mietjie-goed het die wêreld vir hom vroeg en laat suur gemaak omdat sy haar besoekies in die omtrek van Jammersfontein op die platte van haar pote moes aflê. Al die ordentlike Grikwa-meid-goed se mans het oor 'n karweiertjie beskik, net sy en Wellem Grootgaap nie.

Wellem het 'n karretjie in die oog gekry, met die eienaar 'n gerekte onderhandeling gevoer en met hom ooreengekom om die rydingetjie te koop-ruil op voorwaarde dat broer Bêrend-goed die

karweiertjie goedkeur. Dié tweewielertjie het nogal nie 'n onaangename indruk gemaak nie; die bakwerk was in 'n redelike toestand, maar die disselboom het soos 'n bobbejaanmannetjie se krulstert verkeerde kant-toe gekoers.

Bêrend-goed het deeglike inspeksie-werk gedoen. Hy het die karretjie hot-beloer, haar-beloer, van agter betrag en van voor in oënskou geneem. Hy het dit hier betas en daar betas, en toe slaan hy sy oë op en spreek die oordeel oor die karweiertjie in die volgende woorde uit:

„Broer Wellem, ekke hat hier by hem galêinkoers, doer galê-oeitkoers; ekke hat hem galêbeloer by dat stertkant an by dat penskant. Broer Wellem, dat postuur es jentelman, mar dat steel es konwiek!"

## XXIII.

## WOLF EN JAKKALS VERDEEL 'N SKAAP

('n Grikwa-storie van Koos Kordon)

Broer Wolf en broer Jakkals het mekaar raakgeloop aan die voet van Huilberg, doer in Philippolis se wêreld. Hulle het van verlede Maandag af g'n stukkie vleis tussen die tande gehad nie en albei was plankdun.

„Haitsê, broer Wolf," sê Jakkals, „watsêê treur is dat dan met jê dat jê-goed die grondtrappers so skeef-skeef lê-verset?"

„Aag siestog vir jou, broer Jakkals," antwoord Wolf, „dis mos die skaarste van vleis-goed in die land. Van dat die Grikwa-mens herwaarts galê-in hat, hat die kos galê-oeit. My oer-tatta hat altoos



*Grikwa-kanon op Philippolis.*

vir my tatta-goed galê-waarskou teen die Grikwa mens mot sy bontperd."

„Jy spreek die waar woord, broer Wolf. Maar net dese avond hat ekke op die reuk-spoor van dat Grikwa-mens se bok gekom en die bok lê-rus nou hier kort by in die takkraal. Hoe dink jy, broer Wolf, sal oens twee en jy en ekke nie doerdie kant-toe lê-oeitstaan nie? Sê die sê, broer Wolf!"

„Dat's nog die allerfaamste dinkgoed doerdie van jou, broer Jakkals. Kom oens loop lê-aanstryk om te kyk waar die vuurmaakplek van die Grikwa-mens is. Kom, broer!"

„Kom, broer!"

„Ja, swaer!"

„Kom, broer!"

„Ja, swaer!"

Met „Kom, broer!" en „Ja, swaer!" moedig hulle mekaar aan toe hulle in gelid in die rigting van die bokkraaltjie stap.

„Stil, broer!" sê Wolf toe hulle die kraaltjie nader.

„Kalmpies, swaer!" antwoord Jakkals.

Die inwoners van die Grikwa-statjie het daardie aand 'n groot vat heuningbier tot hul beskikking gehad en die bombarie wat hulle opgeskop het, was so groot dat hulle broer Wolf en broer Jakkals nie hoor aankom het nie. Die jag het daardie dag 'n ryk oes opgelewer. Die honde van die statjie was só knuppeldik gevreet dat hulle ver in droomland rondgedwaal het. Hul hoor, sien en ruik het vir die oomblik nie bestaan nie. Van hierdie allerkostelikste geleentheid het Wolf en Jakkals gebruik gemaak om ongemerk die bokkraaltjie binne te sluip en 'n vet bokkapater te

verwurg. Steun-steun het hulle die karkas 'n end weggesleep en toe kom die verdelery.

Jakkals: „Broer Wolf, ekke moet die helfte van dat bok hat!"

Wolf: „An wie is hy-goed wat so galê-beduie hat, broer Jakkals?"

Jakkals: „Das mos koning Lou se bevel, broer Wolf!"

Wolf: „As koning Lou-goed so galê-order hat, broer Jakkals, dan mot oens-goed mar aanstal mot die delery!"

Jakkals: „Broer Wolf, ekke wat Jakkals-goed is, lê-vat dat twee boudring, dat twee bladring, die twee ribbe-ring an doerdie overhandvet. Broer Wolf, akkoerdeer jy broer-goed?"

Wolf: „Broer Jakkals-goed, ekke lê-stem mot jou, broer-goed. An ekke wat Wolf-goed is, ekke lê-palm die kopring an die regterring!"

Daardie tyd was daar nog broederskap tussen Wolf en Jakkals. Eers baie later het Wolf tot die ontnugtering gekom dat hy deur Jakkals uitoorlê word.